**Datum:** 12 Oktober 2010
**Plek:** Pretoria
**Vraagsteller (V):** Lize-Marie van der Watt | Geskiedenis Departement | Stellenbosch Universiteit
**Antwoordsteller (A):** Mnr. Otto Langenegger |Geoloog |SANAE 4 |1963|Marion 1966 (3mnde)

**A:** Al die voorrade, kyk hierdie, ons was SANAE IV so dis die eerste Suid-Afrikaanse basis wat gebou is.

**V:** Ja.

**A:** Hierdie eerste ekspedisies wat in '59 en '60 afgegaan het, het in die Noorweegse basis gebly en toe het hulle die derde die derde ekspedisie in hierdie basis gebou. Ons was die vierde. Maar net nou-net op die yskristalle in die ou gedeelte van die gang. Die gange is gebruik as voorrade stoorhulp.

**V:** Ja?

**A:** Al die voorrade is in sulke kassies en blikke verpak gewees en is in die gange opgeberg. Nou kyk net die kristal vorming in die eerste deel van die gang. Die tweede deel van die gang was 'n nuwe gang wat ons gebou het om die honde te akkommodeer in die winter maand.

**V:** U is af as 'n geoloog?

**A:** Geoloog en ek het bietjie opmetings ook gedoen.

**V:** Bietjie van die opmetings, kon u name gee vir plekke of was dit nie toegelaat nie?

**A:** Nee wat, ons het nie... jy weet die Noorweërs het meer en wyer dink ek verken daar as wat ons verken het so in my geval het ons nooit name gegee nie. Hierdie is 'n toneel na 'n kwaai sneeustorm.

**V:** Ja?

**A:** Die trekker wat ons nou ry staan gewoonlik twee meter bokant die oppervlakte uit.

**V:** Joh!

**A:** En nou kan jy sien die sneeu het hom heeltemal toegewaai en ons is nou besig om daai trekker uit te grawe.

**V:** Is dit een van daai wat 'n naam gehad het?

**A:** Ja ons het, dit was Muskeg, Kanadese trekkers. Ek kan nie onthou of ons die goed spesifieke name gegee het nie, maar die punt wat ek hier wil maak ook dat hoewel ons wetenskaplikes was, was meer as vyftig persent van ons werkarbeid.

**V:** Ja.

**A:** Jy weet, om goed aan die lewe te hou en op die oppervlakte te hou, en so aan. Ons het 'n redelike ongeluk gehad. En die hoof werktuigkundige, Arno Vermeulen, hy het die trekkers reggekry want ek wou begin rondry na die winter. En hy het gegly en sy hand het in die waaier beland en hy het twee vingers op die regter hand verloor. En almal van ons, of nie almal van ons nie, vier of vyf van ons moes assisteer. Ons het nog nooit in ons lewe bloed gesien nie, maar ons moes help om aartjies toe te druk en so. So jy kan sien hier is die vingers al afgesny. En die dokter is besig om die goed toe te werk en te ontsmet.

**V:** Was dit 'n mediese dokter gewees? Dis was nie net 'n ordonnans nie?

**A:** Ja, nee nee. Ons het 'n mediese dokter gehad. Hy het ook na ons tande gekyk. Hy het 'n kognitiewe X-straal apparaatjie gehad en so aan.

**V:** So wat was die grootste mediese probleem, behalwe nou dat iemand se vingers afgesny is?

**A:** Die grootste mediese probleme?

**V:** Ja.

**A:** Laat ek vir jou sê wat eintlik gebeur het. Die volgende jaar was daar 'n Dr. Taute. Hy het al die morfien opgebruik binne die eerste twee maande.

**V:** Vir homself?

**A:** Ja. Toe was daar groot probleme.

**V:** Genugtig.

**A:** En hy het ook 'n pistool by hom gehad. Maar dit is nie deel van ons nie. Ons dertien manne het ongelooflik goed klaargekom.

**V:** Skuus sê my net, wat is die dokter se voornaam?

**A:** Hierdie een? Chris. As jy kyk in die nuutste Antarktiese lyste. Ek het dit net toevallig oopgemaak. Het ek iets gelees.

**A:** Die weerkundiges moes twee keer 'n dag 'n weerballon opstuur. Dit is taamlik primitief al. Agterna die ding was 'n radiosonde wat dan ook die temperatuur en druk en 'n paar ander goed ook gemeet het. En die ballon word deur helium en waterstof gevul en styg dan op teen 'n sekere tempo. Dit word met 'n sekere elektroniese apparaat gekarteer soos hy opgaan en die gegewens gegee. So twee keer 'n dag, hierdie is nou in die nag. Twaalfuur middag en twaalfuur die nag, word daai ding opgestuur. Of dit nou sneeu en wind waai of wat ook al.

**V:** Uself is af as 'n geoloog. Wie het u aangestel? Was dit die Departement van Vervoer?

**A:** Mineralesake. Die Minerale Departement. Geologiese opname.

**V:** Die Geologiese opname het u aangestel.

**A:** Wat die Departement van Mynwese vervang het.

**V:** Het hulle 'n spesifieke opdrag gehad?

**A:** Ja, die hele program...kyk ons is deel van SCAR. Scientific Council of Antarctic Research. En daai programme is deur die internasionale komitees en goed goedgekeur, wat ons moes doen en wat ons moes aanteken.

**V:** Maar u moes nie spesifiek minerale opnames gaan maak het nie?

**A:** Nee wat, nee. Hierdie is 'n tipiese berge toneel. Jy kan ongelooflik ver sien, tot sover as'n 100km, omdat die temperatuur so laag is en die lug so skoon is. Daar is nie smog of sulke goed nie. En dan, die wind speel natuurlik 'n groot rol oor die uitwaai van die sneeu van die bergspitse.

**V:** Is dit nou daai wat so uitgekalwe is?

**A:** Ja.

**V:** Ja, daai blue ice wat dan vorm.

**A:** Ek was 25 jaar oud gewees, en ek was baie fiks gewees. Ek dink dit was 'n vereiste gewees, mens moes redelik fiks wees.

**V:** Moes...het julle uitgegaan na Borka-basis... was daar veldbasisse gewees?

**A:** Daar was twee. Die een op die kus. En ons het ook die ou Noorweegse basis besoek.

**V:** O, OK.

**A:** Wat nog vol toerusting en gemors was.

**V:** Maar julle het nie spesifiek in tente gaan kamp in die somer of...

**A:** Ja, ek gaan nou vir jou wys. Ek het hierdie verjaarsdag...dis 'n tipiese verjaarsdag. Toe neem ons, ons is aangesê om 'n pakke klere saam te vat om ordentlik te kan aantrek. En ek dink dit was hoofsaaklik vir die moraal. Want die res van die tyd loop julle in taamlik dik fur-pakke en goed.

**V:** Wat eet julle daar?

**A:** En dis 'n groot ete. Jy weet, almal dra by en maak goed. Ek dink dit was vark met appel goedjies om die nek Hier kan jy die nuwe gang sien wat ons gemaak het vir die honde. Ons het 'n stuk of twintig honde daar gehad en...

**A:** ...die honde was hoofsaaklik daar om die slees te trek as ons in die berge is en by die groot skeurgebiede. En ons het toe taamlike oefening reggekry, jy weet, want hulle moet gewoond raak aan ons wat die bevele gee en so.

**V:** Wie het julle help oplei...wie het julle opgelei? Was dit...?

**A:** Dis een van die...kritiek wat ek het teen ons afgaan. Daar is 'n klomp goed wat ons nie...wat ons sommer self moes uitvind. En een van die dinge was die skeurgebiede. Hoe 'n mens jouself daar bevind. En dat een ons nie dood is nie is God's wonder.

**V:** Die honde...het hulle nog Afrikaans gepraat al of was hulle Noorweegs?

**A:** Ja, ons het vir hulle...ek dink dit gaan oor die stemtoon.

**V:** ...toon, OK.

**A:** Die vorige ekspedisie het hulle bietjie touwys gemaak want ons het so 'n paar dae oorvleuel. En leer dit baie gou aan. Jy sit 'n paar manne op die slee want die slee moet bietjie gewig hê dat die hond moenie net weghardloop nie. Dan spring jy af en dan skree jy 'n beveel uit. As hulle wil links gaan "links, links". Maar dan bly jy aan die regte kant dan beweeg hulle weg van jou...

**V:** Ah, ek sien.

**A:** ...van jou stem, jy weet, in die ander rigting. En so....en ek het 'n paar foto's van skeure. Jy weet, ons het nie eers 'n harnas gehad nie. Om die waarheid te sê, ek dink nie ons het 'n lank genoeg tou gehad, as iemand daar sou inval nie. Nou onlangs het 'n ekspedisielid oefeninge gedoen om in so 'n skeur af te gaan en terug te kom. En met die terugkom het 'n stuk ys losgebreek...

**V:** Ja, ek weet daarvan. So julle het geen...julle is letterlik nie touwys gemaak nie?

**A:** Ons is nie touwys gemaak nie. Ons moes op ons eie net eenvoudig aangaan. En hier is weer 'n tipiese toneel oppad na die berge toe. Jy sien hierdie berge vir drie, vier dae voordat jy by hulle kom. Want jy kan geweldig ver sien.

**A:** Ja, daar kan jy sien hoe groot was die trekker wat net nou maar in daai ander foto was wat die sneeu dit heeltemal omtrent bedek het.

**V:** En dit was van een aand se sneeustorm? Dit was...

**A:** Ja. Nou ons het in 'n caboose gebly. Ons sal nounou terugkom na die caboose. Vier van ons het in die caboose gebly.

**V:** Dit lyk nie na 'n groot spasie nie.

**A:** En as een staan, staan almal. Hierdie ou wat nou hier sit lê op 'n bed wat so in die langs rigting gaan en die twee ouens. En my bed is daar bo. Daar is net ses voet spasies vir hierdie slapery. Die ander drie of vier voet is vir kos en voorrade en goed. Maar nou moet jy weet, dan waai die wind 100 myl per uur buitekant. Dan kan jy nie uitgaan nie. So jy doen jou lewensfunksies en als hierso voor hierdie manne. Dit was sielkundig seker die grootste uitdaging, om, jy weet, nie op mekaar se gevoelens te speel of...

**V:** ...tone te trap of...

**A:** Ja. So as een ou lag, lag almal. En daar kan jy die caboose van buitekant af sien. Hy het 'n skoorsteentjie aan die kant gehad net om lug uit te kry. Maar op tye het ons so sneeu gehad dat daai venstertjie wat jy kan sien net in die agterkant, dat die sneeu tot daar gelê het. Dan kan jy nie die deur oopmaak nie. Dan haal ons die venster uit en klim ons deur die venster en grawe ons die goed weg voor.

**V:** So grawe was julle beste vriend gewees?

**A:** Ja, orals. En hier kan jy ook die term "wit sig" sien. Jy kry nie 'n horison nie. En as jy sulke toestande het wat 100% wolkbedekking het, kry jy ook geen gevoel van wat hier om jou aangaan nie, want jy kan nie die reliëf sien nie. Jy kan nie enige ongelykheid deur die sneeu sien nie. En in so 'n toestand as hier in 'n skeurgebiedende beland, speel jy met jou lewe.

**V:** Ek kan dink.

**A:** Kyk daar is die skeure, en dit is ver. Hierdie is 25/30km van daai skeure af. Daai skeure is tientalle meters wyd.

**V:** O, so die ding is...

**A:** Hulle loop langs, maar ook in die wydte, jy weet. Dis 'n tipiese berg toneel, die ding. Ver sien, dis 'n gelyk vlakte. En hier kan jy sien hier is ons bo-op 'n berg.

**V:** Sonder handskoene, of vingerhandskoene.

**A:** Ja, jy weet in die begin kan jy niks hanteer nie, want...maar na 'n paar maande dan raak jy meer geakklimatiseer.

**V:** Wie is nou die mense?

**A:** Ek is regs, en dan Joubert. Hy was die dieselwerktuigkundige. Johan Joubert. En heel links was Gerrie Vermaak.

**V:** Het die Departement vir julle sigarette verskaf?

**A:** Alles, jy weet. Ons het elkeen tien duisend sigarette gekry. En omtrent 10kg pyptabak. Nou ek het glad nie gerook nie, ek het met twaalf duisend sigarette teruggekom. Want ek het gedobbel met die goed en dan wen ek. So, jy weet, al die toerusting ook. Ons het byvoorbeeld elf paar handskoene gehad, jy weet. Ons het 'n dunnerige sy handskoen gehad. Vir almal wat buitekant werk moes en fyn werk. Iets soos 'n teodoliet of...het ons hierdie syhandskoen gehad. En dan het ons 'n dikker wol handskoen gehad. En dan het ons flennie handskoene gehad. En dan reg op die buite sien jy het ons 'n groot leer gauntlet gehad. En die goete was met 'n toutjie om jou nek vas. Want as jy jou handskoene verloor het buitekant...

**V:** ...dan kon jy dalk jou vingers verloor.

**A:** So die goed het so gehang aan ons. Ek het...

**V:** Het julle dan ook met die dik handskoene ook met die honde moes...?

**A:** Ja.

**V:** Het jy enigsins nog van hierdie klere oor?

**A:** Nee ek glo nie ek het nie. Klomp vingerhandskoene gehad, wat die vingers los van was wat toe is. Want jy weet die groot are waar hulle op 'n oop plek kom, dis die areas wat jy moet goed bedek hou. Hier by jou polse, en jou nek en jou enkels. Hier is die trein wat ons berge toe gery het met die trekker. Die caboose, die hondehok, daar is 'n stuk of twaalf honde daarin. En dan heel laaste, 'n slee met paaltjies en voorrade op. So hierdie trein van ons het ons mee gery.

**V:** Julle het seker nie baie vinnig beweeg nie?

**A:** Nee, nee jy kan miskien so 10km 'n uur of iets van die aard.

**V:** Teen die ouens wat stap ja. Die berge, watter berge was dit?

**A:** Wel daar was 'n hele reeks. Ek sal nou nou vir jou foto's wys. Hierdie agtergrond is die sneeu...is die basis. Die ou vier, SANAE IV basis. Hier kan jy die toring sien. So die skoorstene en die goed wat jy daar sien, dis...jy weet en die basis was vir 'n jaar voor dit op die oppervlak. Maar hy het toegewaai. Want enige obstruksie wat jy in die pad van die wind sit waai toe, akkumuleer die sneeu om hom. En dan kry jy drie, vier meter sneeu ophopings, jy weet, van obstruksies wat in die pad...dis ook hoekom die trekker so toe waai. Kan jy nou 'n ent sien. Weereens, die foto is effens skuins geneem, maar dit gee net vir jou 'n idee. Jy sien nie die horison nie, tot jy op die horison is.

**V:** Dit moet nogal 'n mens 'n vreemde gevoel gee...

**A:** Ja...

**V:** ...as mens so nie 'n horison kan sien nie?

**A:** Jy verloor diepte en goed.

**V:** Ja, ek kan dink absoluut.

**A:** Ons het met die RSA afgegaan en deesdae is dit die Agulhas. Ek sien die Agulhas is nou met 'n vroue... klomp offisiere en goed...

**V:** O ja.

**A:** 'n Draai gaan ry.

**V:** En daar kom nou 'n nuwe skip, volgende jaar.

**A:** Ja.

**V:** Oor twee jaar. Ja. Baie duur skip.

**A:** Hierdie het ons gedink is wonderlik. Maar hy het so 'n plat boom gehad en hy het geweldig gerol in die see. Jy weet, hy het 35...30 grade na 'n kant toe gerol. So jy kan omtrent nie slaap nie want hy gooi jou uit jou bank...

**V:** Uit jou bed uit. En dit was nog Kaptein McNish gewees?

**A:** Kaptein McNish.

**V:** En Herr Funk?

**A:** Herr Funk was die Hoof Offisier, hy's weg ja.

**V:** En het julle enige...toe julle oor die Antarktiese-sirkel gaan, was daar enige tipe ritueel gewees?

**A:** Ja, daar was...

**V:** ...'n ritueel gewees.

**A:** Minder so as op die...ek het Engeland toe gery met hierdie bote. As jy daar oor die ewenaar gaan is daar 'n groot storie.

**V:** En Herr Funk? Enige stories? Want ons hoor hy was nogal 'n karakter gewees.

**A:** Ja, ek was goed bevriend met hom. Hierdie is nou net 'n tipiese...jy weet, jy dink nie aan 'n skeur...toevallig was ons gelukkig...reg oor hom gery en hy was nie te wyd nie. Maar ek word nog partykeer in die nag wakker met 'n sweet gevoel op my, as ek dink ons kon daar geval het.

**V:** Was dit 'n sneeubrug wat nog daar is?

**A:** Ja. Kyk hy...nou dat ons oor hom beweeg het en hom oopgemaak het met die...nou kan jy hom baie goed sien. Maar hy is nie duidelik...kyk hier kan jy nou 'n groter skeure sien. Hier staan Andrew. En daar is nou 'n tipiese man aangetrek, né. Met 'n anorak en 'n ordentlike trui onder hom en 'n hemp onder hom. En dan was daar hierdie gatjies ves en goed gehad. En dan kan jy sien, sy voete ook. Hy het mukluks aan, sneeuskoene aan. Binnekant dit het hy twee pare kouse aan en 'n wit flennie ding wat bo-oor kom. 'n Dik skoen. En jy moet sorg dat daai goed nie onnodig nat word nie. Want jy weet as jy nou buitekant geloop het en daar het 'n klomp sneeu op hom neergesit en jy kom in die caboose in wat met 'n Primus ding 'n bietjie warm maak dan smelt die sneeu en word daai goed...wel môre kan jy hom nie aankry nie want hy staan so hard.

**V:** Stok styf.

**A:** Hierdie is 'n sastrugi. Goed wat jy weet, wind warrels...wat sulke goed uit waai. Nou kan jy sien daai is 'n meter hoog.

**V:** En jy moet oor hulle vaar?

**A:** Jy moet oor die goed ry met daai trekker. En as jy nou niks kan sien nie...ja dis die inners van daai boots.

**A:** Die wind het ons van daai leer

**A:** Ja, hy breek. Maar jy weet, ons trekker gaan so. En jy voel jy ry in 'n geploegde land. Nou die goed het groot indruk op my gemaak. Ek hou van die kleure ook, maar ek hou daarvan om van bo af te kyk.

**V:** Nie van onder af boontoe nie?

**A:** En daar het ek nou...ek het ongelukkig nie 'n foto van die anderkant nie. Hierdie is Johan besig om vir ons koffiewater te maak. Stukke ys in daai kastrol in te gooi en dan in die Primus binne in die caboose warm te maak. En jy sien, die plek is so beperk binne in die caboose dat al ons klere en goed staan langs in daai sakke. Jy sit buitekant...

**V:** As daar 'n sneeustorm was moet jy dit maar uitgrawe?

**A:** Ja wel, die goed waai gelukkig nie weg nie, dis redelik swaar en dis gewoonlik aan die eenkant weggesteek vir die wind.

**V:** Hoe het julle daai trekker in die oggende ge-start gekry? Was dit nie soms moeilik nie?

**A:** Dit was nie 'n maklike ding nie. Gewoonlik...dit is hoekom die dieselwerktuigkundige saam met ons gegaan het, jy weet. Hy het 'n groot blou lamp wat hy op die intake manifold die goed mee warm maak. En dan die carburettor wat daarvoor ook was. Ons het sulke bommetjies gehad van eter wat hulle inspuit daarin.

**A:** Hierdie is weer die een... Ek sal nou nou weer beter foto's wys. Maar wat hier gebeur ook, wat ek probeer wys, is die glassneeu, of die glas ys vorm as gevolg van hitte van die son op die swart rots wat dan... Die sneeu smelt in water en dan die water weer ys. Dan kry jy sulke blou ys. En kyk net die scoops. Ek wil nou my verstout om te sê daai swart kolletjies is mense wat daar bo staan, maar ek is nie 100% seker nie.

**V:** Dit sal 'n goeie indruk gee van die skaal van dit.

**A:** Ja, ek het ander goete... Jy kan sien, daar staan 'n ou definitief. Ek dink hierdie is Groenberg, GrüneHogna. Ons het maar die Noorweegse name oorgeneem vir die gebiede wat ons in was.

**V:** Wat moes julle dan by die berge doen? Het julle...?

**A:** Ons het monsters klip geneem en aangeteken waar dit is. En dan het ons teruggekom en dan probeer jy korrelasies vind van een na 'n ander. Nou een van die dinge wat ons ook gehad het, ek sal nou-nou dit wys, is 'n Worden gravimeter. Nou die gravimeter meet G. Maar hy kan G tot 'n miljoenste van 'n eenheid meet. Gevolglik het hulle, weet die G is afhanklik van die materiaal om jou. So as jy sneeu of ys om jou het is dit anderste as wanneer jy rotse het. En die SG van die rotse kan jy met sekere korrelasies kan jy profiele teken van die een kant na die ander. Hoe dik die sneeu is.

**A:** En dis nie altyd so maklik om van die af te kom nie, want jy kry nou hierdie gate om hom. Nou moet jy soos 'n mal ding deur hierdie gate uit klouter. Hierdie is 'n tipiese middernag toneel in die middel van die winter. Daai ligte wat jy daar sien is 100m of so uitmekaar uit. En dan tel die weerkundiges die aantal ligte wat jy kan sien, wat hulle 'n idee gee van die sig afstand wat jy het. As die sneeu of die wind nou begin waai, baie gou is die sigafstand nul, of baie beperk. En hierdie, soos ek se is 'n tipiese middernag toneel. Dis die maan daai.

**V:** Die ding wat daar staan, daai scaffold...?

**A:** Daai weertoring.

**V:** Is dit 'n weertoring?

**A:** Ja, daarop is allerhande instrumente op verskillende hoogtes gemonteer.

**V:** Hulle moes hom seker nogal stewig vasmaak dat hy nie omwaai nie.

**A:** Ja, kyk jy kan sien hy is met allerhande toue en kabels en goed vas. En die skoorsteen ook. Hierdie linkerkantste een is 'n skoorsteen, wat die warm lug uit die basis uitlaat. Hier is die span. Ek het dit ongelukkig met 'n wye hoek lens geneem, so dis 'n bietjie vervorm, né. Ek was die honde meester en dis my hond Flap.

**V:** O, is dit Flap?

**A:** Ja, ons het nog...ons het so stuk vier of vyf van die Noorweegse honde nog gehad.

**V:** O, wat nog...ja want ek het al Flap gesien op 'n SANAE I foto.

**A:** Dan het ons twee ander honde gehad, Bams en Knol, hier is foto's van hulle ook. Hier is een van die eerste Emperor pikkewyne wat by ons aangestap gekom het.

**V:** O, het daar Emperor pikkewyn by julle aangestap?

**A:** Dis die groot pikkewyne, dis die Emperor. Hy is die hoogste van die lot. Die een wat baie soos hy lyk maar bietjie kleiner is is die Koningpikkewyn wat so volop op Marion is.

**V:** Maar dit lyk omtrent of julle met die pikkewyne gesels daar?

**A:** Ja, nee. Hy is nie bang vir ons nie.

**V:** Maar net nuuskierig.

**A:** Hy kom kyk net wat maak ons hier.

**A:** Hierdie is...die ou wat agter ons staan is Arno van der Meulen. Hy is ook al oorlede. Langs hom is Emile Bester en langs hom is Julian Randall. Julian Randall was die radio-operateur. Hy was ongelooflik. Hy het van die Britse vloot afgekom. Hy was 12 jaar dink ek in die Britse vloot. Hy kon met sy voet so op die tafel sit en met 'n sydelingse beweging sy side key werk vir die Morse kode. Hy lê en lees die goed en dan stuur hy die goed. En dan die goed wat hy ontvang het hy getik. Emma het nou nog van die briefies wat ek saam teruggebring het. Ons kon 100 woorde kry met Morse kode 'n week. En dan tik hy dit in paragrawe soos hy dit ontvang. Hy kon hierdie goed doen soos nog iets.

**V:** Kon hy geheime hou?

**A:** Absoluut. En dit was baie belangrik, jy weet. Daar was van die ouens se vrouens wat agtergebly het wat nou nie so mooi tekere gegaan het nie, en hoewel die leier daarvan geweet het, het dit nie maklik by die ou uitgekom nie. Maar hy wat Julian is het al die inligting gehad en nooit 'n woord daarvan gesê nie.

**V:** Ek sien.

**A:** Nee, hy was ongelooflik. Kyk hy het dit met 'n militêre agtergrond opgebou.

**V:** Ja, dit het seker bygedra tot sy dissipline dan.

**A:** Ja. Links, heel links hierso is Andrew Venter. En hier voor, jy kan nou nie mooi sien nie, ek dink...hier agter is Johan en hier voor is Emile. En dis Lappies en Johan.

**V:** En die pikkewyn?

**A:** Die pikkewyn, dit weet ek nie wat sy naam is nie.

**V:** Lappies? Wat is Lappies se volle naam?

**A:** Hy was Lappies Labuschagne, of wat was sy...?

**V:** Ja, hy was. J.A. Labuschagne.

**A:** J.A. Labuschagne.

**V:** Seker Johan of iets.

**A:** Ja. Wagner, hulle het nog nie...en BEE du Toit sien ek is, gelys, is oorlede. Maar ek weet vir 'n feit Arno van der Meulen is lankal gelede dood.

**A:** Arno het 'n garage gehad op Graskop. Hy staan agter, heel links agter is Chris Wagner, die dokter. En dan Arno. Arno, soos ek sê, het besighede gehad in Graskop. En vir hom was dit net 'n avontuur om af te gaan. Agter in die middel daarso was Du Plessis, Andre du Plessis. Hy was...hy het nog 'n jaar aangebly na ons. En hy het toe my plek gevul daar. Dan Joubert en dan Emile Bester. Ek sal graag wil kontak kry met Emile Bester.

**A:** En dan hier terug in die middelste ry links is Julian Randall.

**V:** Dis nou die een wat se arms gevou is daar?

**A:** Ja, in die middel. En dan Gerrie Vermaak.

**A:** En dan Andrew Venter, Francois du Toit en Lappies. Julian, ag Jurie Reynolds.Hy ons so bietjie moeilikheid gegee. Dis die jongste lid, ek dink hy was 21 gewees. En jy weet, ons het baie fisiese werk buitekant gehad wat jy gedoen het tussen jou ander goete. En hy het 'n bietjie lyf weggesteek.

**V:** Ek sien.

**A:** Maar ons het net 'n vergadering gehou en gesê...sit die lys werk op die bord, dis wat hierdie week moet gedoen word. En enige iemand wat nie kans sien nie moet maar maak soos hy lus het. Ons is nog net vir 'n dag of twee geïgnoreer nie met hom gepraat nie. Kyk jy is vreeslik afhanklik van jou mede spanlede. Ek meen, ek gaan berge toe. Die ander drie ouens wat saam met my gaan, hulle het niks om daar te doen nie, hulle moet my ondersteun. So jy kan ook nooit alleen iewers heen gaan nie.

**A:** En dan Douglas Torg van Grahamstad. Hy was die met die stories.

**A:** Hier probeer swart en wit. Ek het baie skyfies. En die goed wat ek self ontwikkel het, [Epdokrim], het ek met 'n vloeistof fikseermiddel gedoen en dit het al vreeslik gebleik. Terwyl die kodachrome , wat 'n gas proses is, soos wat hier gedoen is, het ons klomp goed self daar ontwikkel dat ons kan kyk is ons beligting reg en so aan. Jy wil nie terugkom met 'n sak vol foto's en niks is die moeite werd nie. Hierdie is binne in die ou basis. Ons het hier in Augustusmaand, jy weet in die winter het ons eers berge toe gegaan teen die einde September, en ons moes 'n klomp dinge... Ons het 'n klomp voorraad en masjiene gaan uithaal by die ou basis. Nou moet jy weet hoe geweldig spokerig was dit. Want nie een van ons was nog voor dit in die ou basis nie.

**V:** So hierdie is nou Norway?

**A:** Dis die ou Noorweegse basis.

**V:** En het julle...was van daai kos daar nog eetbaar?

**A:** Daar was broodrolletjies wat ons natgemaak het en so bietjie warmgemaak het en geëet het. Broodrolletjies. En nou hier kan jy sien, ons moes eers natuurlik in die basis inkom. Nou ek dink iewers sal dit nou nou 'n skag wys. Maar daai ding is nou al 50, 60 voet, jy weet. Vyftien meter onder die oppervlakte, jy weet. Dis vyf verdiepings. So ons het die skag oopgemaak en toe moes jy hier in hierdie donker gat afgaan met 'n flitsie en goed. Tot ons by die opwekkers gekom het. En toe het ons vir ure gesukkel om die opwekkers aan die gang te kry, want hulle het tien jaar nie gewerk nie of meer. Maar wat nou hier is...toe ons die opwekkers aan die gang kry, toe wil ons hulle nou nie weer stop nie, want dan is dit pikgatnag donker daar binne. Toe het ons nog onder die tafels gelê en slaap sodat die ligte en goed wat nou aan is nie in jou oë skyn nie. Maar dan met die warm maak van hierdie goete het jy elke nou en dan so 'n klap geluid gekry soos iets wat pad gee. En dan skrik jy met hierdie tafel hier bokant jou.

**A:** Maar hier kan jy sien, ek sal nou nou vir jou dit wys, waar die skagte aanmekaar gedruk is. Maar kyk, al daai goeters staan in die basis. Ons het dit nie ingebring nie, dit is goed wat daar was.

**V:** So hulle het dit daar gelos toe hulle die nuwe basis gebou het?

**A:** Ja. Kyk, jy moet onthou, die derde...die eerste en tweede spanne van Suid-Afrika het ook hierin gebly. Hannes le Grange en die manne.

**V:** Ja hulle het nog daar gebly.

**A:** Nou hier, kan jy sien, kyk die goed het...hier kan jy nog nie mooi sien hoe die goed gebuig is nie, maar van daai goed hier aan die linkerkant moes reguit gestaan het. Nou kan jy sien hulle het so helse skewe kante.

**V:** Bietjie teen 'n...

**A:** Hier kan jy nou van die gange sien wat nou rêrig pad gee.

**V:** Is dit nou maar van die gewig van die sneeu?

**A:** Jy sien, wat gebeur...die sneeu akkumuleer op die oppervlakte. En as die temperatuur in die basis warm is dan smelt hy vir homself 'n lugleegte om hom, so 'n bubble. Maar as dit nou nie meer daar is nie, dan word die basis koud, en dan beweeg die seeu, wat plasties...jy moet onthou die ysbank waarop ons is is 600 voet, 200 meter dik. Maar hy dryf, en dis geanker nog aan die land. So dit word die ysbank genoem. Nou die ding beweeg. Want hy beweeg uit na die noorde toe, in al die rigtings, jy weet. En gevolglik, as jy...jy kry plastiese deformasie ook, of plasties...die goed druk dan later op die strukture. En die strukture is nie swaar of sterk genoeg om daai ding weer te staan nie. Dan breek hy soos daar.

**V:** 'n Mens het seker van daai goed hoor klap in die nag?

**A:** Ja, dis van die goed. Nou kan jy sien hier is 'n gang. Daai gang was oor die ses voet. Hy is seker nou vyf voet ses of so, want Hendrik kan nie regop staan nie. Maar kyk hoe netjies is die goed nog. Nou hier is 'n...jy moet weet wat jy hier na kyk. Hier kan jy sien twee van ons is besig om die slinger te draai om hier die masjien aan die gang te kry.

**V:** O, ek sien ja.

**A:** Hierdie is die skag waar ons...wat ons oopgemaak het om af te kom. Soos ek sê hy is nou vyf verdiepings af hieronder die sneeu.

**V:** Dit moenie lekker wees om in so 'n donker gat af te klouter nie.

**A:** Jy weet nie watse Noorweegse...

**V:** Watse Noorweegse spook gaan jou daar van onder af gryp nie.

**A:** Hierdie foto is van die skip wat inkom nadat ons nou 'n jaar hier was. Maar ek het nou nog 'n ding hier. Ek sal nou-nou wys waar die skip vasgemeer is. Maar hier aan die linkerkant het die goed...hierdie ysbank wat nou hier is, steek seker nou nog omtrent 20, 30 meter bokant die see vlak uit. Want jy kan sien daar waar die RSA nou inkom, daar regs is die ysbank vir skaal, né. So dis amper so hoog soos die skip se toring is. Nou hier in die winter waai die sneeu laat dit bars. Dan is daar so 'n los laag sneeu wat beweeg. En daar het so 'n laag afgewaai hier waar hierdie ouens nou staan so 'n ys-tong.

**V:** Ja.

**A:** En een van die dinge wat ek moes doen was dat ek die ys-toestande of verskillende toestande kyk. En ook temperature neem en so aan. En ek was van plan om hier af te gaan, want toe was die...daar waar die blou is nou, was daar pak-ys wat tien voet of so dik was, en jy kon daarop maklik loop. Want dit was nou koud, né, dit was in Augustusmaand. En terwyl ek hierop staan, was daar vier van ons wat kom...ek was van plan om nou hier af te klim, ondertoe kom en dan met sulke bore wat ek gehad het gate in die sneeu te boor om te kyk hoe dik is die pak-ys, om temperatuur metings te neem en so aan. Ek het 'n lekker harnas aan my gehad met 'n stuk tou en ek het sulke crampons vir my skoene gehad, jy weet. Sulke spikes. En terwyl ons nog so gestaan en wag om hierdie goed reg te kry, vat 'n ou...net om seker te maak hy gaan nie gly nie, is hy besig vir om 'n voet vastrap plek in die sneeu agter my te grou. En toe hy sy graaf weer eenkeer so druk, toe is dit soos 'n kanonskoot. Duisende tonne se ys kom los en ek staan bo-op die ys. En ek val daar af. En gelukkig, nie die kêrel wat die skeur geopen het nie, maar ‘n ou agter, Arno, hy sien wat gebeur. En die tou wat ek aan vas is is besig om so te”uncoil” terwyl ek nog val. Vang...hy kry die punt van die tou by. Nie dat dit my val gebreek nie, want ek lê toe onder. En nou lê ek so tien, vyftien meter onder die oppervlakte. Tussen ysskotse. En toe ek val dink ek "Hel, dis darem 'n snaakse manier om dood te gaan". En ek kom daaronder. En toe ek weer bykom, toe hang ek so met my voete onder en my kop net bokant die ys, van die kant van die basis, van die ding af. En hulle kan my nie oor trek nie, want dis drie en ek is swaar. En hulle se vir mekaar "Luister, hierdie bleddie spul is nog besig om verder te breek". Dis al wat ek hoor. En ek voel die trillings toe, en ek help toe. En hulle trek, toe sleep hulle my hier uit.

**A:** Ek het hier 'n paar goed nog. Hier is 'n foto wat ek weer gemaak het.

**V:** Van Dr.Verwoerd, né?

**A:** Ja, daarso. Maar hierso het ek beseer in die Suidpool. Die goed is nou nie...daai een is lank daarna. Gelukkig het ek net my werwels seergemaak, maar niks gebreek nie.

**V:** Maar dit was seker nie vir die Tannie lekker om dit te hoor nie?

**A:** Ja, ook nie vir my ma nie. Sy was bietjie meer ge-worried as die Tannie.

**V:** Is dit so?

**A:** Maar dit het hier gebeur.

**V:** Het hulle toe jou 'n paar dae in die bed gehou?

**A:** Ja, hulle het my 'n paar dae in die bed gehou. En ook X-strale geneem en gekyk daarna. Ek het 'n paar ribbes gekraak, en aartjies in my oë gebars en sulke goed, jy weet.

**A:** Nou kan jy sien, hier links, daai tong het tot op die water gegaan, jy weet. Dit was heeltemal so afgewaai. Toe ek...jy weet hulle was natuurlik 'n bietjie top heavy, en toe het hier nou 'n kraak ontstaan. Maar ek was gelukkig dat ek agter gestaan het, jy weet, sodat ek nie ingeval het nie, maar dat ek tussen die skots. Want ek kon voel, jy weet, toe ek val, hoe word die lug uit my longe uit gedruk. Hier kan jy sien die diesel...ons maak die diesel warm. Arno is besig met 'n blou lamp om daai diesel warm te maak. Die goed is soos Vaseline. Jy kan dit nie pomp nie.

**V:** Toe die skip so aankom om julle te kom haal, wat voel mens? Is 'n mens so half bly...?

**A:** Wel ek sal vir jou sê, as die skip so weggaan voel jy anderste as wanneer hy aankom. Want toe hy om die draai ry met die weggaan toe hy ons afgelaai het, toe dink jy "Hierdie is nou 'n klomp ouens wat jy vir 12 of 14 maande mee gaan saamlewe". Jy hoop hierdie ouens is oraait. Maar ek moet sê, jy weet, die toetse wat hulle op ons gedoen het, jy weet, die Departement van Arbeid...kyk dis so 'n week lank...toetse gedoen. Dit was ongelooflik. Ek dink dit het ‘n, jy weet, 'n goeie keuringsmetode gewees.

**V:** Sielkundige toetse?

**A:** Jy sien, hier is die diesel stoor in daai selfde gang. En dan in die winter maande ook, om daai diesel buitekant dan by veilige areas kan jy dit nie gebruik nie. Jy moet dit afbring. Die temperatuur in hierdie gang was omtrent dwarsdeur die jaar so tien, minus tien grade. Jy weet en 'n yskas is minus vier en 'n diepvries is minus tien.

**V:** Watse partytjie is daai?

**A:** Dis mid-winter.

**V:** Ag lekker.

**A:** Kyk hulle het vir ons gesê ons moet vir ons geliefdes sê om vir ons 'n presentjie gee, soos 'n Krismisboks. En dit is mid-winterdag. Elke ou gekry. Daar sit Bessie met sy boek van tien duisend jokes. Daai outjie was saam met ons in die caboose op tye. En dan lees hy in daai boek. Nou moet jy weet, jy lê daar vir tien dae...en dan kort-kort [maak hy lag na].

**V:** En dan wil mens so graag weet wat was die joke wat is die grap nie.

**A:** Jy weet daai, in die caboose daai selfde ding. En onthou dis nou in die middel van die somer, so die son gaan nooit onder nie, so dis altyd lig. En nou...nou waai die wind hier buitekant en tekere...nou het ons 'n punt daarvan gemaak om 'n sekere roetine te hê. Ek het vir ons altyd krummelpap gemaak, maar dit vat 'n uur en 'n half om krummelpap te maak.

**A:** En ons het elke dag, twee uur of drie uur lank brug gespeel. En dis een ding wat jou gedagtes van als wegvat.

**V:** So, 'n goeie brugspeler geword?

**A:** Wel ons kon die brug...

**V:** Is dit Staatspresident Swart daar agter?

**A:** Dis reg. Hy was die beskermheer daai tyd.

**V:** O, daai vaddoekke lyk lieflik skoon.

**A:** Ja, daar is min son, jy weet. Ons het elkeen natuurlik so 'n skivvy beurt gehad, né. Ook 'n kookbeurt. Die skivvy beurt het elke dertiende dag gekom. En dan moet jy sorg vir water, en jou eie wasgoed doen, en die vloere skoonmaak en die skottelgoed was. Hierdie was ek op kookdiens. Op kookdiens is jy vir vier dae aan diens. En die eerste dag dan bak jy brood. So jy staan sesuur of vyfuur op, dan rys die brood, dan bak jy so 12 na 18 brode. Dan kom hierdie ouens hier by elfuur, dan vreet hulle die helfte van die brood. Maar jy bak net eenkeer in vier dae brood.

**V:** Is hierdie brood bak, is dit 'n “skill” wat jy toe later aangehou het?

**A:** Ja, nee.

**V:** Het julle voor die tyd gegaan vir kooklesse ensovoorts?

**A:** Nee wat. Ons het 'n... SG de Villiers se man was geoloog. Hy was saam met ons af om te eksploreer. Sy het vir ons 'n Kook en Geniet gegee. As jy dit het, kan jy enige iets doen.

**V:** Ja, nee. Die Kook en Geniet...ek het ook een.

**A:** Nee maar ons was almal lief gewees vir kook dit was vir ons ontspanning gewees om te kook. En hier het ons die honde ingespan. En dit was vir my ook baie lekker. Ons hoof leierhond, hier voor regs, jy kan hom nie sien nie was Oscar. En dan Bams en Knol. Flap is daar gewees, en van die ander honde dan.

**V:** Wanneer is die besluit gemaak dat u honde meester is? Of was dit maar daar...?

**A:** Nee, kyk ek was geoloog, ek was die enigste wat die honde nodig gehad het.

**V:** Was dit lekker om met die honde te werk?

**A:** Baie, ek is baie lief vir die honde, en diere. Kyk hierso is Bams en Knol. En so 'n hond is groot, jy weet. Die leierhond het 90, is dit nou pond? Seker 90 pond geweeg.

**V:** Van daai honde is seker op Antarktika gebore?

**A:** Ja, hierdie honde is in Noorweë gebore, maar hulle het Antarktika toe gekom vier, vyf jaar. Saam met die Noorweërs gewerk. En hulle was...jy het nie baie oefeninge en goed nodig gehad nie. Hulle het geweet wat om te doen. En die leierhond veral, jy weet. As hy so hardloop, en hy gaan staan so, weet jy, jy kan gaan kyk, daar is 'n skeur.

**V:** Wow. So hulle kon die skeure op 'n manier net weet?

**A:** Ja, hy het nie getrek nie, hy het gelei.

**V:** O daar is die rooi mussie.

**A:** Ja, hierdie is Andrew weer.

**V:** O Andrew het ook 'n mussie gehad.

**A:** Ek het toe ook nog 'n rooi mus [Mev Langenegger: Hulle het almal rooi musse...]

**V:** ...rooi musse gehad.

**A:** Hier kan jy nou sien van die jagsneeu. Hy kom nou in en nou moet hy hom baie goed afborsel. Maar kyk die voorrade kan. Soos jy kan sien, daai caboose was bleddie vol gewees. Ons het 'n Primus gehad, sien jy die Primus daar. Om die waarheid te sê, ons het twee gehad. Die eerste een kan jy nie sien nie want hy het daai kop van hom, sit jy bo-op die ding. En die ander een sien jy die kastrol nou op vir water. Maar die een met die kop wat so 'n dome was, hy gee nou hitte uit, né. So as jy die Primusse stook, dan kan jy die temperatuur binne in die caboose hier bo in die 20 kry. Hier onder op die vloer bly dit baie naby aan nul.

**A:** En as jy die primusse doodmaak, binne 'n halfuur dan vries die water voor jy kan weet. So, dan is die temperatuur minus vyftien, minus twintig binne in die caboose.

**V:** So waar wou mens dan eerder slaap, onder of bo?

**A:** Wel ek het bo geslaap, maar dis vrek warm daar, terwyl die Primus aan is. Maar as die Primus dood is, dan is dit maar almal dieselfde.

**V:** So het julle maar met die Primus af geslaap?

**A:** Ja nee. Ons was te bang vir...

**V:** ...vir vuur.

**A:** ...as hy omval, jy weet. Of so iets. Kan jy nou net dink  as daai ding wegbrand, dan het jy darem groot moeilikheid. Ons het ook hierdie ys gekarteer waar ons gegaan het...

**V:** O.

**A:** ...jy weet. Jy kry hier...kan jy sien hier is 'n kern? 'n Super boog kern. En die winter en die somer sneeu verskil. Die winter sneeu is fyn korrelrig, terwyl die somer sneeu het sulke ys lense, soos op die oppervlakte partykeer net na die smelt gekom het. En gevolglik kan jy met daai goed deur om te tel en die afstand, kan jy sien hoeveel sneeu het in 'n jaar geval, 'n sekere jaar. En jy kon teruggaan 'n hele aantal jare. Daar's my keps ook op. En hier kan jy mooi, baie mooi foto's neem van hierdie wind scoops.

**V:** Deesdae snow-board hulle daar af.

**A:** Ja ek glo so. Hier kan jy sien, dis so 'n ys poel. Daai ding is so glad jy kan nie op hom loop nie. Hy is soos 'n ysskaatsbaan.

**V:** So wat is daai in...?

**A:** Hy het 'n yspikkie by hom.

**V:** 'n Yspikkie. Is dit nou net om hom te...

**A:** Jy weet as jy nou... Kyk hierso is dit nou onder, né. Hier het jy die scoop, jy het hier af gegly en as jy wil teruggaan het jy eers vir jou voetspore uitgekap om bo te kom.

**V:** Daai teruggaan moet jou nogal fiks maak?

**A:** Kyk ons was fiks, moenie foute maak nie. Ons kon baie loop. Op Marion was ek eers fiks. Hier kan jy nou reeds sien dieselfde ou wat in kom met daai dryfsneeu. Kyk hoe is die poeiersneeu aangepak. So hier waai die wind lekker buite, hoor. Maar nog nie so dat jy nie kan uitgaan nie.

**V:** Dit lyk soos 'n huisie wat julle saamry. Dit lyk nog soos 'n huisie.

**A:** Ja, dit was baie snoesig. Daai is definitief 'n man daar. Kyk hierdie idee van die skaal wat dit gee. Hier kan jy rowwe skeure sien hier voor ook. Ons was hier taamlik naby die skeure.

**V:** Het julle robbe gejag op pad af?

**A:** Ons het 'n paar geskiet, ja. Vir die honde kos, hoofsaaklik.

**V:** Watse robbe het julle gejag? Was dit maar....

**A:** Ek kan nie meer onthou nie. Dit was nie... daar was 'n paar leopard seals, maar meer die gewone... ek weet nie wat sy naam is nie. Daar kan jy weer 'n mens sien, hoor. Gee dit vir jou skaal. Hier kan jy 'n skeur mooi sien, né. Die hangbrug, sien jy hoe loop hy dwars?

**V:** Sjoe.

**A:** Nou hier is hy seker twee meter wyd. Nou so 'n skeur, as jy hom nie sien nie, kan jy nou ver val. Ons het so 'n paaltjie oorgegooi, ek dink die paaltjie sal darem die val breek.

**V:** Kan jy dan die paaltjie gryp en dan...

**A:** Hierdie was ek dink teen Tiendie Klepa. En daai ding was hoog. Hy was seker so duisend voet, 300 meter.

**V:** Wat is die naam?

**A:** Tiendie Klepa.

**V:** Tiendie Klepa. Die rotse daar. Watter soort rotse is dit meestal?

**A:** Ons het sedimentêr gehad en intrusiewe goed. En ons het dit gehad, 'n onderbreking in die geologie. Ek sal nou-nou daarby kom. Kyk hierdie is nou 'n tipiese sneeu toneel. Weereens kry jy geen horison nie. Doodstil, die wind waai nie, of baie min. Dis soos 'n feëwêreld. Jy is rêrig alleen, hoor. Daar is nie baie mense wat hier oor jou skouer loer nie.

**V:** Ek hoor dis regtig stil.

**A:** Baie. Hier kan jy ook sien, hier is die honde. Hier het ons nou vir seker 'n week lank gestaan. En die honde is uit die honde hok uit sodat hulle 'n bietjie oefening kry.

**V:** Moes julle dan die honde se kos ook saamsleep?

**A:** Ja, ons het pemmican gehad.

**V:** Pemmican vir die honde gehad?

**A:** Ja, daai tablette wat gekonsentreerde vet en goed in het. Jy weet, dit gee vir jou minder gewig per hond om saam te vat, rob vleis tot vyf kilogram per dag op 'n hond.

**V:** Die honde.. Ek verstaan hulle kon nogal met mekaar baklei?

**A:** Vreeslik.

**V:** ...as hulle te lank bymekaar gelos is.

**A:** Maar die oomblik wat jy hom optel met daai groot handskoene... Hulle het my nooit gebyt nie. Maar as jy sy voete van die grond af het, is hy stil. So as jy in 'n bakleiery ingaan, die eerste ding wat jy doen, die ligste hond vat jy uit. Daar is die 'n Worden gravimeter wat ek van praat. Daar kan jy twee mense sien in die voorgrond. Daai berg is nog vier, vyf kilometer verder.

**V:** In hierdie...sukkel rêrig mens se diepte...

**A:** Hier kan jy sien die geologie daar. Hierdie is wat ons noem 'n non-konformiteit. Met ander woorde hier was 'n groot tyd-onderbreking in die geologie. Iets het hier gebeur. Jy weet...

**V:** Soos wat sou dit...byvoorbeeld wat sou so iets wees?

**A:** Die pole van die aarde het geskuif, of so iets, jy weet. Dis hoekom jy gletsers in sekere gebiede kry wat dwykataliet afstel, terwyl jy op ander plekke moerastoestande gekry het, en dinosaurs en so aan in die Karoo en so aan. Dit het hoofsaaklik gebeur as gevolg van 'n verskuiwing van die pole.

**V:** Het u 'n doktorsgraad of 'n ding met hierdie gedoen?

**A:** Nee. Om die waarheid te sê, dis nou 'n storie. Haar broer is Professor Viljoen van Stellenbosch. Hy was dekaan by Ingenieurswese en so aan. Daai jare was hy hier by Derdepoort, hy het 'n beurs gehad by die staat. Hy was 'n elektrotegniese ingenieur. En hy kom toe op 'n dag met vorms hier aan en sê "Luister, ons moet aansoek doen vir hierdie ding. Ek sal as radio tegnikus gaan en jy gaan as geoloog". En ons het... vul ek die goed in en gee dit vir hom terug. Vergeet skoon daarvan. Ek is nog besig om ingenieurswese te swot, was in my finale jaar. En toe ons ons oë uitvee, hier word ons opgeroep, staat sê vir hom "Luister, jy het 'n beurs by ons, jy bly net waar jy is op Derdepoort".

**V:** Ag nee!

**A:** En daar gaan ek. Hier lê ons en water drink. Soos die klippe wat nou los kom, as daai klip op hierdie ding val, dan smelt hy vir ons so'n gat in.

**V:** O.

**A:** En rondom hom vir so vyf sentimeter is daar water...

**V:** ...'n poeletjie water.

**A:** 'n Poeletjie water.

**V:** Maar die data, dan, wat jy daar versamel het. Wie het dit verwerk?

**A:** Die...kyk ons is deur...my voorganger was Dirk Neethling. En hy het vir ons gekoördineer. En al die goed wat ek saamgebring het terug het ek onder sy leiding gedoen en vir hom gegee. En hy het later 'n doktorsgraad gekry, dink ek. Ek is nie seker of dit op Antarktika werk was nie. Hy het nagraadse goed daar gekry, maar ek dink hy het op olie eksplorasie later 'n doktorsgraad gekry.

**V:** ...graad gekry. En wie het u betaal? Was dit...?

**A:** Die staat.

**V:** Was dit die staat gewees?

**A:** Ek dink die Departement van Vervoer het maar al die finansies gereël. Hierdie was die dag wat ons vertrek het uit die Kaap uit.

**V:** Jis, dis besig daar op die kaai.

**A:** Ja. Iewers as ek mooi kyk sal ek ook nog vir Van der Walt sien. Van der Walt was toe daar by Neumeyer waarnemende Direkteur-Generaal van Vervoer Jy weet, dis koud in die caboose. Die caboose neem die omgewingstemperatuur aan, wat minus vyftien of minus twintig is. So as jy wil bier drink, is daar bier net nie drinkbaar in die blikkie nie. So jy kook hom op die stofie, die stoompot, so vir 'n halfuur of 'n driekwartuur. Dan haal jy hom uit en dan sit jy met hom net so twee minute in die hand dan drink jy hom, is hy lekker koud. En as jy baked beans vat, daai groot blik, jy kan hom 'n uur lank kook, teen lemmie Caution, dis nou hier by veertien, vyftien pond Daar waar daar staan Caution. En dan het jy nog 'n stuk ys in die middel.

**V:** Sjoe. Ek dink nie 'n mens kan daai koue voorstel as 'n mens nie self daar was nie.

**A:** Ja. Nou jy sien, die berge is mooi oop, mens kan nie dink...jy weet, dis net die teenoorgestelde van wat jy kry in die yswêrelde van die Alpe en goed. Die wit sneeu maak als bo toe. Hier maak hy als onder toe.

**V:** ...als onder toe. Toe julle weg is by die kaai, het Van der Walt van Departement Vervoer julle daar gegroet. En toe julle terugkom, is julle onthaal deur iemand?

**A:** [Mev Langenegger: Ja, hulle het 'n groot verwelkomingspartytjie gehad...by die hawe gehad] Met die terugkom...ek kan nie onthou nie. Met die terugkom van Marion af het Mevrou Verwoerd ons kom haal. Sy het ons kom haal juis omdat...as Dr. Verwoerd gekom het, dan was dit formele ding gewees. So hy het by die huis gebly. Dit was 'n Sondag gewees. Maar ek kan nie onthou of Marion...of toe ons teruggekom het van Antarktika het ons... [Mev Langenegger: Ja, toe het julle elkeen in julle eie rigting gegaan] Ja. [Mev Langenegger: Julle het toe agterna bymekaar gekom, maar nie dadelik in die Kaap nie. Want ek en jy het toe op die trein geklim, of iets van die aard] Ons het ook baie skaak gespeel, teen Halley Bay en teen Radio Nederland.

**V:** En die Russe?

**A:** Nee, ons het eintlik min kontak. Ons het met die Engelse kontak gehad, by Halley Bay.

**V:** En Radio Nederland?

**A:** Ja.

**V:** Hoe het dit gewerk?

**A:** Kyk, ons het... Jy kan enige tyd deur Julian met die radio met iemand praat. En jy stel net in op hulle frekwensies, roep hulle en dan kom hulle op en teen hulle... Ons het van hulle toerusting benut deur met hulle te praat van ons goed af.

**V:** Maar wie... Hoekom Radio Nederland spesifiek?

**A:** Toevallig het ons kontak met hulle gemaak. Daar is Julian Randall nou weer, dis die radio- operateur.

**V:** Watse een is hy?

**A:** Die ou met die, wat daar staan.

**V:** O, OK. Wie het gewen?

**A:** Ons het een, dink ek gewen... Ons het so vier of vyf wedstryde gespeel deur die jaar. Jy het een beweging [Mev Langenegger: Jy het een skuif per dag] En dan speel ons die aand twintig vyftig skuiwe vooruit, jy weet. En dan besluit ons wat is die beste skuif van die dag.

**V:** Is dit hoekom daar 'n boek daaroor oop is? Ek sien...

**A:** Ja, nee. Ons het boeke geswot en tekere gegaan.

**V:** Nou hoe het julle geweet die mense is eerlik aan die ander kant?

**A:** Nee, jy gee hom een beweging. Maak nie saak wie julle... Hy moet 'n beweging gee. En jy kry 'n beweging terug. Nou hier was André du Plessis, die een links. En dan Julian, en dan Arno, en dan Frankie Joubert, en Douglas Torr.

**V:** Douglas met die rooi trui?

**A:** Ja. Hy was die historikus. En ek stop die ding en dis waar die moeilikheid kom. Hier was nou 'n skivvy beurt, met ander woorde ek moes nou wasmasjiene en al die waterhouers en goed sit. En dan was jy natuurlik ook jou klere, want jy is in bevel van die...

**V:** So julle het 'n volle wasmasjien daar gehad?

**A:** Ja nee, volle wasmasjien. Hierdie is 'n foto wat ons in die middel van die nag geneem het, seker drie-uur in die oggend. In die winter maande verloor jy later jou so jou ritme. Jy word forseer om agtuur te gaan eet en eenuur weer te gaan eet en so aan. Maar dan word jy partykeer in die middel van die nag wakker, dan voel jy jy is nou totaal uitgeslaap. En dan gaan jy "OK kom ons gaan kyk, bietjie koffie maak daar". Kom jy daar, dan sit die hele saal vol mense. Dan het meeste van hulle nog brug gespeel tot laat in die nag. Daai ander ouens het al geslaap.

**V:** Ek sien daai, daar in onderklere.

**A:** Ja. Dis 'n netjiese werkswinkel.

**V:** Baie netjies.

**A:** Belangrik, daai ouens. Hulle moet die goed aan die gang hou. Hier kan jy sien is ek besig om sneeu te spit en af te gooi in die smelter. Daar was 'n gat net links van my en jy kan sien, 'n ou maak nogal 'n groot indruk op die sneeu om jou, om vir jou klomp water te kry, want die basis gebruik baie water.

**V:** Het julle dit om die beurt gedoen?

**A:** Ja, dit was 'n skivvy beurt. Dit is nou dertiende, elke dertiende dag se storie, as jy daar is. Kyk, kan jy sien die gang het 'n bietjie beweeg, maar hier is al die voorrade. Hierdie is die smelter. Daar is die drie masjiene wat die krag opwek, net een loop op 'n slag. Dan die smelter, jy weet die uitlaatgasse van die masjien word in die rondte om hierdie drom gesirkuleer. En bo-op daai drom lê die gat waarin jy die sneeu van buitekant af inbring. So hierdie is die water toevoer na die basis toe. Van hier af pomp hy dit deur 'n geiser na die badkamer...

**V:** So julle het darem 'n warm stort gehad?

**A:** Ja, maar jy het net gestort as jy die water maak.

**V:** O, so elke dertiende dag kon jy stort.

**A:** Dis korrek.

**V:** En sê nou maar jy die behoefte gehad het om nou te stort vir wat ook al rede, dan moet jy nou uitgaan en self water...

**A:** Dan moet jy net eenvoudig, dan met jy net sorg dat die smelter vol water is. Hierdie was Flap, en daar was nou 'n sak vol walvis vleis. Ons het 'n hele klomp sakke walvis vleis saamgevat vir die honde.

**V:** Waar het julle dit gekry?

**A:** Kaapse hawe. Vervoer het dit vir ons aangebring. Dis Flap.

**V:** Was Flap die spesiale hond gewees?

**A:** Ja, hy was nogal... [Mev Langenegger: 'n Troeteldier] Hierdie is Bamsie. Maar hy eet sneeu, né. Hulle ken nie water nie. Ek het vir hulle water gemaak, en gee ek vir hom, hy wil versuip daarin. So hulle kou die sneeu. Hier is die boot vasgemeer.

**V:** Besig om af te laai of terug te laai of iets?

**A:** Ja.

**V:** Het julle ooit vasgesit met die RSA?

**A:** Ja, so bietjie. 'n Paar aande het ons afgeklim en om die skip geloop. Sonder dat die kaptein daarvan weet. Jy sien, hier is die pak-ys wat jy so deur die pak-ys beweeg om 'n pad oop te maak. Maar is dit maar net 'n voet of twee... Die pakys is maar so vier of vyf voet dik. Hier staan my vroutjie, wat nou my vroutjie is, heel links. Dis nou na ons teruggekom het. Groot bol hare.

**A:** En daar is van die ander mense se families en goete.

**V:** Was daar van die mans wat saam met jou was wat kinders gehad het?

**A:** Ja, twee. Arno het twee kinders gehad en Gerrie Vermaak het ook twee kinders gehad.

**V:** Was dit nie maar soms vir hulle moeilik nie?

**A:** Ja, ek dink so. Hulle was miskien ook nie so lief gewees vir hulle nie (lag). Hier is 'n berg of 'n ding wat ons taamlik naby gebly het. Marion was nou anderste.

**V:** Wat was die mooiste deel van die reis na Antarktika toe?

**A:** Die berge en om alleen te wees op plekke waar jy weet mense het nog vantevore gekom nie. Ek is baie lief vir die natuur en die goed daar buite, en ek het nou...

**V:** En wat was die groot uitdagings gewees, om te werk in Antarktika?

**A:** Jy weet, om goete te ervaar wat ander mense nog nie ervaar het nie. En om goed te sien. Die geologie was ook nuut.

**V:** En wat het dit soms moeilik gemaak?

**A:** Ek het baie min moeilikheid gehad, want ek was vreeslik besig. Jy weet... In die wintermaande wanneer die manne niks het om te doen nie, het ek die honde gehad om kos te gee. En daar was 'n stuk of twintig van hulle. En om hulle te skoon hou en die gang skoon hou, en waar hulle lê en urineer en goed moet jy die goed optel en skoon maak en so. So ek het by die vier uur elke dag spandeer met die honde. Kon ek ook nog 'n bietjie glasiologie ook gedoen het in die basis. En uit gegaan het en kort afstande geloop het en so.

**V:** En die honde? Was daar honde wat kleintjies gekry het?

**A:** Daar was ja. Om die waarheid te sê, van die honde het die vorige jaar kleintjies gekry. Die kleintjies het teruggekom...saam met die vorige ekspedisie...en toe het ons vier honde teruggevat. Maar daai vier honde wat daai jaar by Onderstepoort gebly het, het totaal nie geakklimatiseer in Antarktika nie. Jy weet, onder waar die voete is, het die kussinkies toegemaak met hare, van die honde wat daar gebly het. Maar die honde wat die oop kussings gehad het, hulle het seer gehad. [Mev Langenegger: Dis hoe sy briewe by my uitgekom het]

**V:** Ag wonderlik! [Mev Langenegger: Hier is nou ene wat ek sommer by...dit was seker nou net nadat hy van die afgrond afgeval het. Ja, daar val die satelliet my amper raak, dat die ys so trek. Hy het 'n paar ribbes seergemaak, aartjies in die oë gebars en spiere verrek, en verder niks oorgekom nie] Dit klink verskriklik. [Mev Langenegger: "Ek was voorwaar baie gelukkig. My honde is nou uit en hulle geniet hulleself gate uit daar buite in die sneeu"] En hoeveel, is dit nie 200 woorde op 'n slag, of...? [Mev Langenegger: Ja. Honderd vir my en honderd vir sy ma] OK, o oraait. Ander ouens het weer een week 200 geskryf vir die ma en die volgende week 200.

**A:** Jy weet, ek het hierdie... Ek het 'n seun en 'n dogter. Die dogter is in 'n karongeluk dood. Maar ek het vir my kinders net eenkeer nog my slides gewys.

**V:** Regtig?

**A:** Ja, want ek wil nie mense verveel nie. Dis hoekom ek hierdie goed nou maak. Want ek wil nou 'n CD of twee vir my seun gee.

**V:** Ja, nee. Dit sal wonderlik wees. Is daardie alles briewe van Antarktika? [Mev Langenegger: Dit lyk my so, ja] Dis 'n wonderlike versameling daai. Dit is baie spesiaal. [Mev Langenegger: Daar was elke week so 'n brief] Mens het elke briefietjie seker gekoester en oor en oor gelees. [Mev Langenegger: Ja, ek staan en wonder hoe het dit by my...jy weet dis nog in telegram...ek kan nie onthou nie. Ek was...]

**A:** Nee, dit het mos gekom van Derdepoort af. [Mev Langenegger: Ja] En dan het hulle dit gepos in die gewone pos, in 'n koevert gesit. [Mev Langenegger: Nou deesdae is dit natuurlik emails en Skype en... So dis baie makliker]

**V:** En 'n Kaapstad telefoonnommer [Mev Langenegger: En 'n Kaapstad telefoonnommer] Is daar van die briewe met die stempels op? [Mev Langenegger: Nee.] Daar was mos interessante stempels op. [Mev Langenegger: Kyk, hierdie een het nie 'n datum op nie. Wel hierdie is die Departement...] Ja, maar daar is 'n spesifieke... [Mev Langenegger: Antarktika stempel] Ja [Mev Langenegger: Ek het hierso ene] Dis 'n pikkewyn of so iets. [Mev Langenegger: Wat ek gekry het? Spesiale ene met 'n Antarktika stempel op] Vanaf die skip dalk gestuur of so? [Mev Langenegger: Hier is ene SANAE] Ja. [Mev Langenegger: Hier is 'n SANAE ene. Hier is nog 'n SANAE ene.] Graaff-Reinet. [Mev Langenegger: Ek weet nie wat dit is nie] Haai, dis baie spesiaal. Ek kan nie onthou dat ek ooit hierdie stempel gesien het nie. [Mev Langenegger: Ek kan onthou by Marion...] Ek het 'n paar vrae oor Marion spesifiek. Dit was 'n tyd wat belangrik was in die geskiedenis van Marion. Maar ja, ons kan eers na die slides kyk, dit is fantasties.

**A:** OK, hier is Wilhelm. En soos jy kan self sien die rotsformasies is taamlik teruggevreet hier, so die erosie was taamlik hoog. En hierdie is mos 'n vulkaniese eiland wat uitsteek, so 4000 voet. 'n Paar honderd meter so bokant die watervlak uit.

**V:** Het julle vooraf geweet die eerste minister se seun gaan saam?

**A:** Ja, jy weet. Ek was nog besig met... kyk, hy was ook by Geologiese Opname.

**V:** So julle het mekaar voor dit geken?

**A:** En toe...ja toe ons terugkom van Antarktika het ek vir 'n paar maande daar my goed opgeteken en oorgedra na Dirk Neethling-hulle, toe het ek hom daar ontmoet. Toe is hy besig gewees met Marion se beplanning te doen. Nou ek sou sê, die grootste bydrae wat ek gemaak het was om hom te ondersteun. Ek was so bietjie jonger as hy en ek was heelwat fikser as hy. En jy weet, ons het so 200 kg moes dra. Ek het dit geweet vooraf. En ek het hier na die technikon, daai ou tegnikon daar in Kerkstraat het so 'n "Keep you fit" klas gegee...en ek het elke dag gegaan vir oefeninge. Ons het so 'n uur lank oefeninge gedoen, so 'n uur lank baseball of netball-tipe dinge gespeel. So ek was twee maande lank...my voorberei...en ons het daar gestap hoor.

**V:** Wat was dit wat so swaar was wat julle moes dra?

**A:** Wel, jy weet, net die kos alleen, jy weet, as jy tien dae uitgaan, die WNNR het vir ons kospakkies gepak. En dit was drie kilogram pakkie per dag, per persoon.

**V:** Dis baie. Drie kilogram kos, per persoon?

**A:** Ja.

**V:** Ek aanvaar dis nou blikkies en...

**A:** Daar is 'n blikkie in gewees, en die res was poeiergoete. Maar goed was ook nog nie so gedehidreer en plasties verpak soos dit deesdae is nie. En nou ja, dan het jy jou tent gedra, jy het jou klere gedra en dit het gereën. Jy weet, ek het drie pare van hierdie combat boots gehad, wat leer skoene was. Binne in die eerste maand het ek al drie pare opgeloop. Want dis... Die leer word nat, en hierdie rotse sny hom.

**V:** Maar het julle toe Wellingtons gekry of wat?

**A:** Ek het Wellingtons gekry. Dit het my gered. Van daar was seker 80 pare Wellingtons op die eiland. Ouens het almal die goed net daar gelos as hulle weggaan. En as dit nie daarvoor was nie...want jy weet ons het goeie klere gehad, oilskins en goete, maar in die reën, met die kappies en als, die reën het hierso...dan loop dit af hierso agter jou tot in jou skoene. En elke uur of so dan gaan staan ek so teen die rotse, want ek wil nie sit nie. As ek sit kan ek nie opkom met die gewig op my rug nie. Dan staan ons daar en trek die boots uit, dan is dit half vol water.

**A:** Maar dit was 'n wonderlike ondervinding. Ek sal al daai goed weer wil doen as ek dieselfde omstandighede gehad het. Hierdie is sulke moeraspoele van skorias en goete ne. As jy hierdeur stap, sak jy soms tot halflyf in die water.

**V:** Waar presies is hierdie geneem?

**A:** O, ek weet nie. Dis op Marion. Dis so 'n vyf kilometer van die basis af. In die rigting van...kyk die basis sit hier. Jy moet onthou, dit is amper 60 jaar gelede, hoor.

**V:** Ek dink nie die basis het veel geskuif nie, het hy?

**A:** Nee, die basis het nie geskuif nie.

**V:** Niks geskuif nie?

**A:** Ek hoor, iemand sê vir my die basis het afgebrand. Wanneer het hy afgebrand?

**V:** In '66.

**A:** Twee jaar nadat ons daar was. Kyk die basis is daar, kan jy sien né. En die moeras is in hierdie omgewing. Ons het so om gestap. Ek het seker 10 keer om die eiland geloop.

**V:** By Three Sister Hills. Noord-wes, ja.

**A:** Wat sê ek...hierso. Daai foto was in daai boek ook. Ek dink dis 'n besonder mooi foto. Wilhelm en ek het dieselfde foto geneem. Maar hier kan jy mooi sien hoe die lawa beweeg het né, en stukke goete...

**V:** En dis net die lig nog. Hierdie lig werk goed.

**A:** Ja.

**V:** Dit reën mos maar baie kere op Marion.

**A:** Kyk die gate wat jy in kon af kyk in. Daar anderkant is Boot Rock en so want jy het ‘n klomp van hierdie rotse wat nou al half wegstaan van die [onduidelik]. Hier links voor kan jy pikkewyne sien, maar dis nie so vreeslik duidelik nie. Hierdeur skuif Mac en sien jy die verskillende lawavloeie

plaasgevind het. Sien jy sulke skraapmerke. Dan kan jy net dink die kragte en goed.

**V:** Waarvandaan is daai foto geneem?

**A:** Die een... Moenie moeilike vrae vra nie. Maar dis als hier teen die kus nog, die eerste stuk wat ons betree het.

**V:** Het jy enige van die Antarktiese klere saamgevat Marion toe?

**A:** Nee, hulle het vir ons nuwe goed gegee. Hulle het vir ons so een stel... Nie naastenby so goed toegerus nie. Maar genoeg om twee maande tekere te gaan. My grootste bydrae was om teoliet te werk en basiese ding te doen. Ek is nie opgelei soos 'n landmeter vir hierdie hoogs gesofistikeerde fixes en goete nie. Maar ons kon ten minste ‘n kaart maak wat soos daai ding lyk waar almal aantekeninge op kan maak. Want die wind het gewaai ook, hoor. Dit was nie maklik nog om... Kelp en goete. Kom die pikkewyne in en hier voor sit die robbe. Helse robbe.

**V:** Het die robbe julle ooit moeilikheid gegee?

**A:** Nee wat. Kyk hulle is so stadig, hulle kan nie vinnig beweeg nie. Jy kan eintlik sy kop gaan vryf...

**V:** ...as jy net vinnig kan weghardloop.

**A:** As jy net vinnig kon draai. Want hy kan nie meer as 'n meter of twee agter jou aankom nie. Kyk jy kry die robbe en dan kry jy die see-olifante. Hulle is nog stadiger. Kyk daar is 'n see-olifant. Jy kan sien, daar is hy nou tipies aangetrek. Boots, hy het ook 'n paar Wellingtons aan daar. En 'n oorbroek wat waterdig is en 'n oorbaadjie wat waterdig is. En 'n rugsak, want ons moes die klipmonsters en goed neem.

**V:** Het hy toe later 'n bietjie fikser geword?

**A:** Ja, maar hy is nou nie heeltemal vandag se kind nie. Ek dink hy is seker tien jaar of so ouer as ek.

**A:** Die see kan rof wees. Jy kan nie als aflaai van die boot sommer so nie.

**V:** Dis van die mooiste foto's wat ons nog gesien het van die ou basis daai. Want daai deel het afgebrand. Die die groen deel hier voor nie, die deel daar agter.

**A:** Hier kan jy verskillende lawavloeie duidelik sien.  Die rooi skorias en die swartes en die donkeres en die grys lawa in die middel.

**V:** Dit moes seker lekker gewees het om as 'n geoloog daar rond te...

**A:** Kyk, hy is 'n vulkanoloog né. Kyk, dis 'n spesiale gedeelte van die geologie ook.

**V:** Maar vir uself, was dit ook interessant gewees?

**A:** Ja, baie. Kyk ek sal vir jou sê ek het net per toeval 'n geoloog geword. Ek het by die universiteit aangekom, kom van Vryheid in Natal af en ons het nie goeie beroepsvoorligting en goed gehad nie. Nou staan ek daar in die tou, dan sê die ouens vir my, die groot menere "Wat gaan jy maak?" "Nee," sê ek, "ek kom universiteit toe". "Wil jy 'n wetenskaplike word?" "O". "Watse vakke het jy?" "Nee," sê ek, "ek soek nog vakke". Nou het ek wiskunde, fisika en chemie ken ek van skool af, nou sê die een ou vir my "Moenie toegepaste wiskunde swot nie – dis donners moeilik." Ander ou sê vir my "Moenie dierkunde swot nie, dis baie leerwerk". Ander ou sê vir my "Swot geologie, dis 'n helse nice kursus. Die ouens vat jou myne toe, gee vir jou drank en kos en gaan tekere." Ek sê "Ja nee, dis reg". Kom daar voor, ek skryf in vir hierdie vier vakke: geologie, fisika, wiskunde en chemie. En na my tweede jaar, nee my derde jaar, middel van die jaar, sê die prof vir my "Luister Langenegger, kom jy terug om jou meestersgraad te doen?" Sê ek "Ja wat, ek het nog nooit daaraan gedink nie." Toe sê hy "Luister, as jy nie ten minste 'n meestersgraad in geologie het nie, gaan jy nie werk kry nie". Kom ek by my pa-hulle aan, sê ek "Luister..."

**V:** ...ek wil nog swot.

**A:** ...ek is nie seker of ek in die regte rigting is nie. Hierdie ou sê ek gaan nie 'n job kry nie My pa sê "Ek gee nie 'n hel om wat hy sê nie, jy gaan terug en maak klaar." Toe het ek teruggegaan en klaargemaak en toe het ek weer ingenieurswese begin. So ek het nie vreeslik baie...ek het net vakansiewerk gedoen as 'n geoloog.

**V:** Maar die geologie het seker gehelp met die ingenieurswese?

**A:** Baie. Jy weet het later gespesialiseer in water.

**V:** En die fisika en wiskunde...

**A:** So die ondergrondse water en die goed.

**V:** O, OK, interessant.

**A:** Toe het ek later my meestersgraad in water klaargemaak.

**V:** Toe het jy tog na die proffie geluister...

**A:** Ja nee, ek hoor jou. Ons het seker drie of vier keer probeer stap na daar na daai boonste Jan Smuts piek toe. Kom jy daar, dan sien jy hom so, dis mooi oop. Kom jy daar bo...wolkbreuk. En dis 'n ent se stap, hoor. En jy weet, nou moet jy 'n teodoliet dra, met sy drie pote, die staf en al die goete. En nou kom jy daar bo en als is verby.

**V:** Was julle by CR Swart piek gewees?

**A:** Ja, ons was na al daai pieke. Ek het daai eiland deurgeloop. Jy weet...

**V:** Het hulle almal toe al name gehad?

**A:** Wel, ons het vir hulle name gegee soos wat ons aangegaan het, né. Maar dit was nie amptelik nie. Ek dink hulle het 'n paar verander daarna, later. Maar wat wou ek sê? O ja. Jy weet, dan sak die mis so toe dat jy nie twee drie meter van jou af kan sien nie. Maar die geologie het ons so goed geken dan weet ons ons is nou hier. Want jy kan dit in die klip sien, jy weet.

**V:** O, omdat julle by 'n vorige geleentheid...

**A:** Ja...daar was. Jy weet, ons het al ons kampgoed gedra, ons tente en alles.

**V:** Daar is mos 'n piek na u vernoem? Is daar nie?

**A:** Ja, so een.

**V:** U het self die piek geklim?

**A:** Ja, nee. Daar is nie 'n stuk wat ek nie op was nie, hoor.

**V:** Ekskuus?

**A:** Daar was nie 'n plekkie, vierkante meter wat ek nie op geloop het nie. Kyk hierdie waterval ook. Dit is die...daai basalte en goed wat so afgeloop het. Nee, ek sal jou sê, dit was my grootste bydrae om Wilhelm te lei, jy weet. Ek was op 'n kol nie lekker nie, dit was hier by die basis so twee of drie dae. Nou het ek kamp geskuif, ek alleen. Nou gaan haal ek hom om aan te gaan, want ons moet ons goed...jong en die mis is dik. Nou sê hy "Here hier jong, ek kan nie meer so baie verder loop nie. Is jy seker jy weet waar jy gaan?" “Moenie worry nie man.” Kyk hier is die tentjies waarin ons gebly het.

**V:** Is dit nog die Van Zinderen Bakker-tentjies?

**A:** Ja.

**V:** Het mens nie soms natgereën binne in nie?

**A:** Ou maat dit het gereën. Kyk... jou klere draai jy in plastiese sakke toegerol. [Mev Langenegger: Hier is nou hy en Wilhelm Verwoerd.]

**A:** Maar dit was self 'n helse ondervinding. Ek het drie dae in die huis gebly in Groote Schuur.

**V:** Nee, werklik? Wow.

**A:** En Betsie was 'n baie...en ek stel belang in meubels en hout en goed. Sy het my als gewys, hoe die Rhodes-goeters is, en daai seepsteen goed in die huis. Dit was nog op Groote Schuur, wat nou 'n museum is. Dit was 'n ondervinding, jy weet. Dan gaan ons die dag dorp toe, dan ry ons saam in amptelike karre want Verwoerd het nie geglo ons moet geld mors nie. In die karre ry net eenkeer. Dan word almal van ons plek aangewys in die kar. Dan op die laaste sekonde kom hy uit en hy klim in en hulle ry. En tog, jy weet, met al hierdie... Hy het 'n hele polisiestasie daar was seker omtrent vyftien of so polisiemanne op die werf om hom te beskerm...

**V:** En tog...

**A:** Ja, het hy nie deurgekom nie.

**V:** Maar ek moet sê dit is nogal maklik om vandag ook in die Parlement in te kom. Het hy baie uitgevra oor die groepe en goed, die Doktor?

**A:** Ja, hy het van elke ministerie iets geweet, daai man. Hy was 'n baie slim man, verseker.

**V:** Ja ek verstaan hy was die soort persoon wat, as 'n mens hom ontmoet het, dan het mens dadelik respek vir hom...

**A:** Absoluut.

**V:** ...so half 'n regte presence gehad.

**A:** Ek kan onthou ons het die Sondag byvoorbeeld daar aangekom. Daar het net so 'n stapel... Al die koerante wat jy aan kan dink. Engels en Afrikaans en alles het daar gelê. En dan elke nou en dan het iemand 'n koerant opgetel en iets gesien, gelees oor hom of wat ook al. Maar hy was baie ophoogte van alles wat aangaan. Veral op die Antarktika goed ook.

**V:** Regtig?

**A:** Ja nee, hy het geweet wat kos die skip, en wat was die bedryfsuitgawe van dit en dat en dit.

**V:** En dit was vir hom belangrik om die Antarktika-program voort te hou?

**A:** Ja hy het dit...

**V:** ...was 'n voorstander van wetenskap daaroor?

**A:** Ja nee, verseker. En kyk, hy was 'n baie geleerde man. Hierdie foto is geneem van Prins Edward-eiland af, met Marion in die agtergrond. Prins Edward het nooit so 'n permanente sneeubedekking. Kyk ons is in die middel van die somer daar. Ons het 3de, 4de Januarie of wat daar aangekom en ons is hier vroeg April weg. So ons het 'n...

**V:** ...'n paar maande daar gebly.

**A:** Ja, drie maande, dink ek, omtrent daar gebly. Maar daai is Marion wat...hy het sneeu op. Prins Edward het nooit sneeu op nie.

**V:** Maar...o so op Prins Edward-eiland...het julle foto's van enige van die sealers... van die robbejagters se goed wat nog daar is?

**A:** Op Prins Edward?

**V:** Ja.

**A:** Nee. Ons het net op Marion gekry.

**V:** Is dit? Is daar foto's daarvan?

**A:** Van Marion?

**V:** Van Marion se robbejagter artefakte?

**A:** Ja. Hier het ons afgegaan na die dinghies en goed. Hier kan jy sien ons het 'n klomp skape ook wat ons ingevoer het op die eiland.

**V:** Net tot op Marion?

**A:** Net tot op Marion.

**V:** Hoe lank het die skape oorleef?

**A:** Wel, hulle is geslag.

**V:** Ja, maar hulle het nie aangeteel of iets nie?

**A:** Nee, nee. Hulle sal seker deesdae nie toelaat dat die skape...

**V:** O nee, hulle laat niks meer... Hulle laat nie eens toe laat jy vars vrugte of groente vat nie.

**A:** Ja.

**V:** Hoe is julle Prins Edward-eiland toe geneem? Met die...?

**A:** Met die boot.

**V:** Met die RSA?

**A:** Met die RSA. En hier is ook so...

**V:** Kyk hoeveel anders het die waterfront gelyk. Daar is die goederestoor.

**A:** Ja.

**V:** Customs house. Vandag kan 'n mens customs house nie sien nie, op daai manier nie. Want daar is mos nou groot paaie ook daar oor.

**A:** Albatrosse het ons ook groot vreugde gegee.

**V:** Wie is die ander mense op hierdie foto?

**A:** Daai is Brian Huntley. Hierdie een heel regs, sonder die kep. En langs hom dink ek is Fulton.

**V:** Fulton het ook 'n paar eiland trips gedoen, en Antarktika trips.

**A:** Ek weet nie. Nee hy was nie op Antarktika gewees nie.

**V:** Dan is dit seker 'n ander Fulton.

**A:** Henry Fulton was op die derde ekspedisie. Maar hy was 'n werktuigkundige.

**A:** Wat is Brian se van? Wat die botanis is?

**V:** Ek weet nou nie... Brian Huntley.

**A:** Ja, Brian Huntley.

**A:** OK. Het ek nie iewerste hier 'n foto van daai span nie?

**V:** Het julle enige iets te doen rêrig gehad met die meteorologiese span wat op die eiland was?

**A:** Ja, hulle het ons gehelp dra.

**V:** O, het hulle gehelp dra? Was daar van hulle wat meer fluks was as ander?

**A:** Ja, daar was. Kyk, ou...

**V:** O, is hier...is die Ben Sciocatti?

**A:** Huh?

**V:** Was u saam met Ben Sciocatti?

**A:** Nee. Fulton was by die Kaapse Universiteit. Hy was 'n mariene bioloog gewees. Maar ek dink... Was dit...nee, dit is nie Fuller nie.

**V:** Dan is hierdie lys seker verkeerd. [Mev Langenegger: Nou het ons hierdie spul, en daar is die naam] So '65.

**A:** Ek het dit hierin. Hier is 'n groepsfoto in die ding.

**V:** O ja, ek het ook al daai foto gesien. Ek weet watter foto dit is. Ek sien hier is 'n...die lys wat ons het is hierso die onderste een.

**A:** Ja, jy sien, maar dit is die weerkant bo. Nee, dis nie reg nie. Kyk, hierdie ding is nie reg nie. Daai kan weerkundiges wees. Maar hulle was nie deel van die ekspedisie nie.

**V:** Ja soos ek sê dis die lys wat op die Antarktika klub se website was so dis heel moontlik dat dit nie 100% is nie.

**A:** Ja kyk hulle het almal... Hier's Brian Huntley - Neville Fuller, nie Fulton nie, Fuller.

**V:** Neville Fuller.

**A:** Ja.

**V:** Het hy nie verdwaal nie? Iewers.

**A:** Dit kan wees dat hy verdwaal het.

**A:** Maar dis hy daai en dan Wilhelm Verwoerd en dan dink ek is dit Louwtjie de Beer, een van die...

**V:** Louwtjie se kop, se Louwtjie de Beer?

**A:** Ja dit was Louwtjie de Beer, hy het ons baie gehelp.

**V:** Was hy 'n weerkundige gewees?

**A:** Ja. Hy was 'n weerkundige,  ek is nie seker nie. Ek dink nie hy het kwalifikasies of goed gehad... Hy was die mediese ordonnans. Dis wat hy was.

**V:** O, ek sien u het ook na die program op RSG geluister?

**A:** Ek het ja, maar ek dit nooit, ek kon nie die goed lees nie ek was altwee daai middae uit. Het julle iets gekry daaruit?

**V:** O ek het meer as 200 boodskappe gekry.

**A:** Is dit?

**V:** Ja so dit was absoluut wonderlik, maar ek is nou nog besig om op te volg. So die albatrosse was iets om te aanskou?

**A:** Was vir ons 'n groot belang gehad, kyk hoe ek hulle opgebou het uit daai water.

**V:** Hierso is hy.

**A:** Ha. Dis die manne wat deel van daai ekspedisies was. Hier's Neville Fuller en Brian Huntley. Brian Huntley is hy nog by die WNR?

**V:** Nee hy is afgetree, hy is op... in Kleinmond. Kleinmond? Bettiesbaai, Bettiesbaai, hy is in Bettiesbaai. Ja ons was by hom gewees en ek gaan nou in November saam met hom af Marion toe.

**A:** OK. So hy hou nog sy hand in die ding.

**V:** Ja.

**A:** Van Zinderen Bakker is hy oorlede?

**V:** Ja hy is al... Van Zinderen Bakker senior of junior?

**A:** Nee senior.

**V:** Jy sien senior is al laat negentigs, vroeg 2000's oorlede. Sy seun is in Kanada.

**A:** OK.

**V:** Eddie.

**A:** Eddie ja.

**V:** EK hoor Van Zinderen Bakker was 'n vegetariër gewees?

**A:** Kon wees.

**V:** Kon wees? Nou nie iets wat opgelet is nie?

**A:** Nee wat.

**V:** So julle het nie vreeslik baie, omdat julle nou baie gaan stap het en veldwerk doen het...

**A:** Ons het kontak gehad op die boot jy weet en daar is... kyk dit het so vier of vyf dae gevat om af te gaan met die boot en ook met die terugkom.

**V:** So wag, hoe het dit gewerk, julle is af met die boot en...

**A:** Die boot het verder gegaan om die res van die ouens Gough toe te vat.

**V:** Ja en toe het die boot julle weer kom haal?

**A:** Toe het die boot ons weer kom haal.

**V:** Na drie maande?

**A:** Drie maande, bietjie meer as drie maande.

**V:** Dit was ook alles nog die RSA?

**A:** Ja die RSA.

**V:** Het julle nodig gehad om pikkewyne en goed te vang?

**A:** Nee wat ons het ons min gesteur, as ons hulle vang was dit vir ons eie plesier, nie vir die voëlkundiges nie. Hulle het, jy weet hulle het agter gebly op die eiland. Eddie.

**V:** Ja Eddie het agter gebly.

**A:** En so aan so hulle was nou nie so vreeslik haastig uit die blokke soos ons nie want ons het, ons tyd was so beperk om nou te doen wat ons wou doen. Het ons elke oomblik benut en ons het, jy weet Februariemaand het 26 uit die 28 dae reën gehad. Dit het gereën ou maat.

**V:** En toe het jy nog kans gesien vir 'n M in water.

**A:** Daar's Bryan.

**V:** Oe, dis 'n mooi foto.

**A:** Kyk die een van die kuikens wat agtergebly het is al 'n jaar groot maar hy kan nog nie lekker vlieg nie. Daai albatrosse hou daarvan om baie te vlieg.

**V:** Die is nou 'n Koningpikkewyn?

**A:** Dis 'n Koningpikkewyn. Pragtige kleure. Die Emperor is valer as hy. Dis die Sooty Albatross, gryskop.

**V:** Hulle is mos 'n bietjie kleiner, né?

**A:** Ja hulle is heelwat kleiner.

**V:** Nee ek is nog besig om myself voor te berei.

**A:** Kyk hier's van die...

**V:** Ah waar is hierdie tripod afgeneem?

**A:** Dis by Tripod Beach. Hier's 'n plek mos vernoem na hom.

**V:** Ja daar's 'n Tripod Beach maar die tripod op Tripod Beach lyk heel anders. Daar's nie macaronis nie.

**A:** Is dit?

**V:** Is hierdie nie Bullard Beach nie?

**A:** Dis moontlik jong ek kan wragtig nie meer onthou nie. Ek het gedag dis Tripod Beach. Waar is Tripod Beach? Sealers cave...

**V:** Hierso is Tripod. Daarso is Tripod en waar is... Nee, ek praat van Bullard Point. Nie Bullard Beach nie.

**A:** Ek het gedag Tripod Beach is vernoem na ding want dis die enigste Tripod wat ek gesien het.

**V:** O nee daar is nog 'n tripod op Tripod Beach, o wag laat ek net die konteks gee, daar was 'n kaptein Bill Lee wat later jare master was van Agulhas. Hy het die tripod op Tripod Beach weggevat en toe het hulle hom beveel om dit weer terug te sit en nou is daar kontroversie of is dit die oorspronklike Tripod of nie.

**A:** Daai ding is donners swaar. G'n mens gaan hom kan dra nie. Weet nie hoe hy daar gekom het nie.

**V:** Waarskynlik met baie moeite, ja.

**A:** Maar daai is 'n groot ding hoor. Hy is seker so twee meter.

**V:** Regtig? So dis amper so groot soos die tafel groter...

**A:** Ja dis groter as die tafel dink ek.

**V:** Wow. Ons het 'n kollega wat baie belangstel in die tripods en die Sealer artefacts en hy is ook al hoeveel dekades betrokke by Marion, nog steeds en hy gaan gereeld met oornames. Ek dink hy is hoeka nou op Gough eiland so hy... sy agtergrond kennis en ook sy ervaring is baie interessant vir ons.

**A:** Besig om vriend te maak. Maar ek maak darem sekerlik sy bek is verder.

**V:** Is hulle... hulle het nie aggressief geraak as julle nader gekom het nie?

**A:** Nee jy weet as jy nou so vat aan sy kleintjie en so aan sal hy tien teen een na jou pik. Maar hy sal nie, hy... as jy aan hom raak sal hy aan jou pik maar nie op sy eie nie.

**V:** Nee dis maar net interessant want vandag is daar nie 'n manier dat jy toegelaat sou wees om so naby aan die voëls te kom nie.

**A:** Is dit?

**V:** Tensy jy direk met hulle werk. Ja, tensy jy iemand is wat navorsing doen op hulle.

**A:** So julle moet maar daai uithaal wat ek gevang het.

**V:** Nee, nee toemaar daai reëls het eers die afgelope twee dekades ingekom. Ja, want daar's nou verskillende sones op die eiland en jy moet permitte kry om die verskillende gedeeltes in te gaan want hulle probeer baie hard om die omgewing te bewaar.

**A:** Nie vreemde goed inbring nie.

**V:** Ja en mense wat dalk... diere en so...

**A:** Jy sien ons moes sulke hammers dra om die blerrie klipmonsters af te kap.

**V:** O, dit lyk na 'n swaar hammer.

**A:** Ja, nee al daai goedjies sit gewig by jou pak. En so jy sien jy kan nie meer as 30 kg ordentlik dra nie.

**V:** Nee veral nie as jou...

**A:** Veral nie op daai rotse nie, jy weet daai lawa velde nie.

**V:** Het een van julle nooit geval of struikel...

**A:** Ons het baie geval maar nooit seergekry nie. Hierdie goed paar mos een keer en dan is hulle lewenslank. Jy sê ons was nog uniek gewees in die opsig dat ons naby die goed kon kom.

**V:** En hier het Gentoos?

**A:** Dis Gentoos ja.

**V:** Was daar nog Gentoo-pare wat gebroei het daar by Gentoo Lake by die basis?

**A:** Ja hierdie goed was, daar was maar redelik... ek het nou nie spesifiek opgelet nie maar daar was Gentoos gewees. Definitief. Is daar nou nie meer daar nie?

**V:** Daar's nie meer by Gentoo Lake Gentoos nie, maar daar is op die res van die eiland.

**A:** En Gentoo Lake is daai groot meer?

**V:** Gentoo Lake is daai groot meer daar naby die basis. Ja, maar ek dink nie hy is nou meer so groot nie. Ja, die meer is ook nie meer so groot nie.

**A:** Is dit hier iewerste? Waar is hy? Dit moet hier wees. Daar is hy. Is dit nie hy daai nie? Daai gate?

**V:** Nee dis... die hierso, Daai een daar onder. Daai blouetjie daar. Gentoo Lake. Maar dan kan dit heel moontlik daai foto wees.

**A:** Dit kan wees.

**V:** Ja.

**A:** Want dit was naby die basis né?

**V:** Ja dis natuurlik ook naby die kus.

**A:** Daai is macaronis né? Kyk die instrument ons kan hom ook nie te hoog opsit nie want hoe hoër jy hom opsit hoe meer waai die wind hom.

**V:** So het julle, julle dagsakkies maar gevat en dan die swaar goed gelos om...

**A:** Nee jy weet ons het een keer, almal van ons saam, om die eiland gestap behalwe Van Zinderen Bakker senior. Die ander vyf van ons het omgestap net om te verken en dit het ons in 'n dag, bietjie meer as 'n dag, gedoen. En toe daarna het ons sulke bene gestap. Soos wat ek sê ons het seker baie naby aan 200 kg elk gehad om te karwei. So ons het drie, vier keer gestap. Ons het tien dae se kos gevat dans dit 30 kg. EK dink dis 'n Gentoo daai. Skuas het ons ook moeilikheid gegee.

**V:** Watse soort moeilikheid het die Skuas gegee?

**A:** Hulle duik op jou af of hulle probeer jou... kyk hulle kinders is kuikens né, en dan val hulle jou aan. Hulle steur hulle nie aan jou nie, hier kan jy sien hier kom hulle.

**V:** Jislaaik. Het julle met gewere gestap en hulle geskiet?

**V:** O daarso is nog van...

**A:** Dis oorblyfsels van daai...

**V:** Bishop’s Cove?

**A:** Ja.

**V:** Oe, dis 'n spesiale foto. Het julle nog enige iets kon optel daar wat julle kon skoonmaak en basis toe vat?

**A:** Nee was stukke hout en goete. Ons het ook nie gesoek om nie ekstra goed te kry nie.

**V:** Ja want kan nie regtig ekstra goed dra nie.

**A:** Daai is soort van 'n kormorant, né?

**V:** Ja dis 'n besonderse foto.

**A:** Ja hy smelt mooi in.

**V:** Het dit baie gestink nie?

**A:** Daar was so klank aan hom, ja.

**V:** So dis 'n lekker hele amfiteater waarin hulle sit.

**A:** Hier’s 'n rob ook. En hier’s 'n Kildalkey, is dit nie?

**V:** Ja ek dink dis daar naby.

**A:** Ek dink dis hier iewerste. Waar is die ander een wat jy gesê het? Macaroni rocks?

**V:** Daar’s Macaroni Cave, so.

**A:** Hierdie, was hier nie ook kolonies nie, daar’s drie.

**V:** Groot rookeries ja.

**A:** Hier het die...

**V:** Daar’s hierso ook iewers 'n rookery. Ja?

**A:** Hier het die wind my omtrent ses, sewe meter deur die lug gewaai.

**V:** Regtig? Daar by Santa Rosa valley?

**A:** Ons het gekamp hier onder en toe aangetrek en ons hoor die wind jy weet, en hy raak al sterker en sterker en ek was 'n bietjie onverskillig ek staan so half regop en hy het my mooi gevat. Hy het my so gevat en daarso so ses, sewe meter teruggesit.

**A:** Daarna het ons, hierso, geklim in die rotse as ons die wind hoor.

**V:** Wow, maar...

**A:** Nee die wind, ek het nie gedag dit kan 'n mens so waai nie.

**V:** Maar was dit nou met 'n rugsak op die rug?

**A:** Met 'n groot rugsak op die rug.

**V:** Wow. Joh.

**A:** Nee hy het lekker vas, vatplek gekry.

**V:** Totdat hulle jou van die krans af waai, dan is dit tickets.

**A:** Dan het jy moeilikheid. Kyk hoe mooi blou is hierdie, dis miskien 'n bietjie oorbeklemtoon maar hierdie, jy moet onthou, hierdie skyfies is skyfies wat 60 jaar oud is.

**V:** Ja dis fantasties.

**A:** Ek het 'n goeie kamera gehad. Ek het 'n Leica gehad. Hier's die boot met sy pontoons. Daai Rover. Gebruik hulle nog sulke goed om op die eiland te kom?

**V:** Nee helikopters.

**A:** O. Nee ons is nie met sulke luukse goed.. Dis die oggend voor ons land.

**V:** O.

**A:** Vroeg daar aangekom en gewag dat die ouens moes daar by die basis wakker word. Jy sê daai basis het heeltemal afgebrand?

**V:** Nie alles nie. Net die, een van die voorste geboue. Een van die slaapplekke.

**A:** Kyk so het ons gegaan, daai klein bootjie het ons ingesleep op die pontoons.

**V:** Ja en ek verstaan Herr Funk het 'n besonderse manier gehad om oor te dra wanneer jy moet spring?

**A:** (lag) Ja. Wel ons was mooi aangetrek gewees met baadjies en als.

**V:** Ja, smart, né? Voorbereid maar tog netjies.

**A:** Ja nee. Die goed is nie meer daar nie? Kyk as die branders so is dan ry jy nie met die bootjie in nie. Daar was die gantry opgetrek gewees.

**V:** Niks van daai is daar nie.

**A:** En hier is die eerste verkenningstog wat ons geloop het. So jy kan sien ons het 'n slaapsak, twee tente en ons het kos gehad vir almal. Twee dae bo gekamp in die sneeu.

**V:** Het die jaar op Antarktika u bietjie voorberei vir hierdie trip?

**A:** Ja, dis totaal anderste maar lekker.

**V:** Maar lekker.

**A:** Jy sien hier begin die mis opkom. Kyk op sulke terreine stap jy moeilik hoor.

**V:** Inderdaad.

**A:** Middagete.

**V:** Het mens nie soms net rêrig koud gekry nie?

**A:** Kyk Marion is nooit baie koud nie, selfs in die sneeu bo jy weet, vier/vyf grade. Maar in Antarktika het ons minus 52.

**V:** Dis iets anders.

**A:** Ja, dis toe ek en Wilhelm alleen gedoen het. Jy sien jy het potte en panne en kookgereedskap alles nodig en daai tentjies is goed hoor. Hy het mos 'n bodem en alles in een.

**V:** So hy het gehou?

**A:** Ja, hy waai nie en kyk selfs in daai kwaai wind, hulle het nie geskeur nie hulle vas so half styf.

**V:** O OK. Waaroor het julle gesels as julle so stap of het julle nie gepraat nie?

**A:** Nie as ons stap nie. As ons in die aand in die tent sit... jy weet ons, lê ons in die tent, ons is mooi toegemaak ons het slaapsakke gehad wat, jy weet, kop bedekkings en alles gehad het so en na so rukkie lê jy en slaap en dan hoor jy "girts girts girts" soos die blerrie muise hier aan jou baard kom vreet.

**V:** Wat? Agge nee!

**A:** Nou ja dan moet jy hierdie dinges losmaak voor jy die goed kan weg kap! In die aand as ons nou kos maak dan sit ons nou daar - die eerste ding wat jy gemaak het was sop - en jy weet dis nie vyf minute nie dan sien jy daar’s 'n ogie, daar’s 'n ogie soos hulle vir jou begin loer.

**V:** Die muise nou?

**A:** Ja.

**V:** En die katte? Het julle ooit van die wilde katte gesien?

**A:** Ons het nooit, ons het hier en daar miskien 'n kat gesien maar hulle was nooit so dat jy naby hulle kan kom nie.

**V:** O want hulle was baie wild?

**A:** Hulle was baie wild. Kyk hulle het, op daai stadium het hulle goed gelewe op die voëls en nie op die muise nie.

**V:** So dit was nie iets wat mens heeltyd raakgesien het nie? Dit het maar...

**A:** Nee die katte was uitsonderlik as jy een sien.

**V:** Was Oubaas, die hond nog op die basis?

**A:** Oubaas was daar want kyk Van Zinderen Bakker het hom saamgevat. Teruggevat.

**V:** Teruggevat, ja. Hoekom?

**A:** Man die hond het begin paranoïes raak en ek dink Van Zinderen Bakker het lekker met die hond gekuier toe het hy besluit - maar ek dink ook miskien vanuit 'n biologiese oogpunt, die hond sou seker van die voëls begin vang het en tekere gegaan het.

**V:** Hoe het die hond paranoïes geraak?

**A:** Hy het nie 'n ander maatjie gesien nie. Hy was vier jaar al daar toe ons daar aangekom het.

**V:** Sjoe. Het julle iets met die hond te doen gehad?

**A:** Wel ek is lief vir honde, maar ek het nie werk of iets gehad met die hond nie. Ek het hom ook nie gevat vir stappies of sulke goed nie.

**V:** Is die hond gevat vir stappies?

**A:** Nee ek weet nie.

**V:** Hoe gereeld het julle op die basis gekom? Die hoofbasis?

**A:** Wel kyk kom ons sê ons was 90 dae daar op die eiland, né. Ek sou sê ons het seker omtrent so 20 dae uitgeslaap.

**V:** En basis, moes julle deel wees van die lewe daar soos skivvy duty doen en kos maak en goed.

**A:** Nee wat ons het nie tyd gehad nie. Soos ek vir jou sê ek het sestien uur partykeer gestap. Per dag. Dan het jy nie tyd nie.

**V:** So het die meteoroloë, hulle het julle maar net ondersteun, hulle het nie 'n probleem gehad nie?

**A:** Ja ons het hulle gesien en vriendelik gewees met hulle en so nou en dan bietjie kaart gespeel en sulke goed, maar ons het nie jy weet dieselfde kameraadskap gehad soos wat ons daar in Antarktika gehad het nie. Ons was daar om te werk en jy het nie tyd vir nonsens nie.

**V:** Moes julle so ʻn sopie brandewyn ook saam dra? Al daai pad?

**A:** Ja ek, ons het nou nie buiten toe gedra nie, maar ons het dit vryelik gebruik by die basis.

**V:** Beslis.

**A:** Kyk jy het nie onnodige goed saamgedra nie.

**V:** Regtig niks onnodig nie.

**A:** Kyk water en goed het jy gevat waar jy dit gekry het daar buite in die veld. Die water was skoon en ons het 'n blikkie vleis gehad en dan 'n pakkie sopbiscuits en middagete was chocolate, rosyntjies en 'n beskuitjie.

**V:** Die skape, het julle help slag aan die skape?

**A:** Ja ek het geslag aan die skape.

**V:** Gebraai?

**A:** Ek kan nie onthou dat ons gebraai het nie.

**V:** Ja want wat sal mens gebruik vir hout?

**A:** Ja.

**V:** Julle kon seker toe nog pikkewyne opbrand nie.

**A:** Nee, nee, nee. Nee dit was nie beskore nie.

**V:** En op Antarktika? Het julle ooit daar gebraai?

**A:** Ja ek dink ons het een of twee keer. Kyk daar het ons 'n kas plankies en goed gehad.

**V:** En dan was dit maar buite gewees?

**A:** Ja nee dit was nie onder die basis nie, ons was baie bang gewees vir vuur. Jy weet daai hout gange kaste en goed as die vuur daar... Die basis daar was ook so beplan gewees dat jy kon 'n stuk van die gang laat toe val.

**V:** O sodat die brand nie kan versprei nie?

**A:** Jy weet dat jy die brand kan isoleer. Ons was baie bang en ons het 'n klomp voorraad ook gehou in daai, jy het my eers gevra van die kusbasis, ons was 'n paar keer by die kusbasis om te sorg dat dit voorraad het.

**V:** As julle moet vlug?

**A:** Ja jy sien ons kon nooit, ons het nie helikopter ondersteuning en daai goed gehad nie, ons kon nooit - as daai boot weg is, is hy weg.

**V:** Dit moet nogal 'n vreeslike gevoel wees om te weet daai boot is nou weg?

**A:** Nee ek sê jou as jy nou daar staan en hier gaan hy om die draai, dan is hy weg.

**V:** En alle hoop saam met hom?

**A:** Ja.

**V:** En hoe het dit toe gebeur dat u by Grootte Schuur gaan bly het na die tyd?

**A:** Wel hy het vir sy ma laat weet dat hulle moet iemand stuur om ons te kom haal by die hawe en toe kon ons dieselfde dag, ons kon nie dadelik treinkaartjie kry nie en dit het, so twee/drie dae later het ons eers met die trein opgegaan.

**V:** O so julle moes toe nou intussen akkommodasie kry terwyl julle gewag het vir die trein?

**A:** Ja ons het net daar geslaap.

**V:** O toe is hulle nou gasvry. En wat het julle gedoen in daai tyd? Maar saam met...

**A:** Wel soos ek sê jy weet, ek en Wilhelm ht nou in die stad ook gaan 'n slag rondloop die Maandag. Die Sondag het ons daar aangekom seker so elfuur en ek onthou nog ons het daai Sondagaand 'n helse groot galjoen geëet. Een wat die Verwoerd fans vir hom gebring het wat hy by Kleinmond-strand of waar ookal gevang het en die spoorweë het die catering gedoen so die kok het ingekom en hy het hierdie vis op 'n blink bord daar aangebring en gesê ons moet versigtig eet want hy het nou al moeite met die vis en so. En in die tussentyd soos ek sê die Maandagmiddae en goed het doktor Verwoerd my rondgevat en goed gewys en, want sy het gesien ek stel belang in van die goed.

**V:** En die pers? Het die pers toe daar opgedaag, want daai foto is ook 'n persfoto is dit nie?

**A:** Ja dit seker.

**V:** Antarktika... toe julle terug kom van Antarktika af was daar toe 'n onthaal gewees of soos sy nou-nou gesê het, of nie?

**A:** Nee ek glo. Nee ek dink nie ons het nie.

**V:** Glo nie.

**A:** Ons het 'n ruk daarna op die trein geklim en Pretoria toe gekom.

**V:** En verder kom werk?

**A:** Ja. Ons het, met die weggaan was daar een of twee geleenthede gewees.

**V:** En die mense met wie julle gewerk het, was H.S. Van der Walt? Wat die Adjunk Direkteur-Generaal was?

**A:** Ek dink so ja ek dink so.

**V:** Enigiemand anders? Het u, julle vir Minister Schoeman ontmoet?

**A:** Nee.

**V:** Nie. En hulle het nie vir julle enige goed voorgesê, as dit gebeur moet dat gedoen word of...

**A:** Nee kyk dis nou die een ding wat ek sê, my advies aan enigiemand was : hel, lei net die ouens op oor skeure en hoe jy skeure benader en hier is die toerusting om jou uit 'n skeur uit te haal' waarvan ons niks gehad het nie. Miskien 'n stuk tou gehad maar nie ander goed nie.

**V:** Julle span, was dit hoofsaaklik Engels, Afrikaans, gemeng?

**A:** Hoofsaaklik Afrikaans.

**V:** Hoofsaaklik Afrikaans.

**A:** Twee ouens gehad wat Engels gepraat het, was daai Jerry Reynolds en Julian Randall.

**V:** Kon hulle glad nie Afrikaans praat nie?

**A:** Nee Julian kon dit seker verstaan want hy het ons briewe getik, maar hy kon, hy het dit nooit gepraat nie. Jerry het dit gepraat.

**V:** Is Julian gesekondeer dan of hoe het dit toe...

**A:** Ek dink hy het aangesoek gedoen vir 'n pos ek weet nie, vir en of ander rede het hy dit gedoen.

**V:** Wou hy net graag Antarktika toe kom?

**A:** Miskien. Ek weet net hy was toe in die Britse vloot gewees, voor hy by ons aangesluit het.

**V:** Oulik. En Marion?

**A:** Nee en soos ek jou sê, as 'n persoon dink ek, ek het 'n beter mens teruggekom want jy het so baie tyd gehad om te dink. Jy weet jy lê tien dae in daai caboose vasgeketting en jy kan soveel lees en jy kan soveel dit doen, maar jy het blerrie baie tyd om te dink.

**V:** Mis mens iets van Antarktika as jy terug is in Suid Afrika?

**A:** Ek het nooit, jy weet ek het aanbeweeg, nie tyd gehad vir...

**V:** Een of twee van die ouens het gesê “Oe, hulle was so vreeslik opgewonde om vrouens in minirokke te sien” want dit was nou iets nuuts.

**A:** (lag)

**V:** Ja maar wat het... is daar iets op Antarktika wat jy gemis het?

**A:** Nee ek, ek, terwyl ek daar was, was ek nooit ongelukkig nie, maar die kameraderie was lekker jy weet. Jy weet ek meen daai spangees vir die eerste twee drie maande, dan mis jy die mense om jou, né want jy is nou weer op jou eie in 'n woonstel of waar ookal. Daar leef jy natuurlik baie nou.

**V:** Nou saam.

**A:** En jy weet jy ken mekaar so goed, as daai ou by die deur instap en hy kyk jou so dan weet jy waaraan hy dink. Wragtig ek sê vir jou, nou weet jy, jy moet nie lol met die ou nie. Gee hom kans en in die caboose ook. Jy weet dan, daai Andrew Venter het so paar vals tande gehad. Dan lê hy in die dag en slaap(maak snork geluid na) Dan gaan daai tande so. Nou ja, jy weet dan dink jy by jouself dit irriteer jou, maar daar moet goed wees wat jy doen ook wat hulle irriteer sobly maar stil en gaan aan.

**V:** Leef mens maar daarmee?

**A:** Ja.

**V:** Midwinter, het julle boodskappe gekry?

**A:** Ja ons het dink ek, ons het 'n bietjie radiokontak gehad, ekstra. [Mev Langenegger: Ja, julle het radiokontak gehad en daar was boodskappe voor die tyd opgeneem deur die SAUK van die mense.]

**V:** So dis nou voor Joubero Malherbe se tyd?

**A:** [Mev Langenegger: Nee... ja. Nee, Saterdae aande was daar nog 'n...] Ja daai laat-aand gevul.

**V:** 'Ver in die wêreld' of so iets.

**A:** Ja so tienuur, half-elf of so iets [Mev Langenegger: elfuur se kant op 'n Saterdagmiddag] was daar 'n ding gewees oor die radio.

**V:** So kon julle bietjie radio luister?

**A:** Ja jy kon radio luister so veel jy, elkeen het sy eie... ek het 'n radio in my kantoor gehad. [Mev Langenegger: elke vertrek het sy eie, het 'n venstertjie gehad sodat dit kan, jy weet sodat dit kan 'n normale huis kan lyk.] Ek het spesiaal 'n radio gekoop, 'n [Curro] het hulle vir my vertel en ek het hom nog in die berge ook gebruik. Ons het in die berge dan vir haar 'n boodskap gestuur.

**V:** Wow. En het julle lekker, wat het julle dan geluister? Destydse radio, wat was dit Afrikaanse radio en so?

**A:** Ja hulle het versoeke en goed gespeel.

**V:** En hulle het aandag gegee aan die mense op Antarktika?

**A:** Ja.

**V:** Het hulle dan vir Tannie-hulle gevra om boodskappies op te neem?

**A:** [Mev Langenegger: Ja weet jy ek het voordat ek nou Suidwes toe gegaan het, want toe hy daar was toe gaan ek Suidwes toe, het en dan nou SAUK toe gegaan en 'n boodskap gegee spesifiek vir Midwinter. So toe hoop ek maar net die kys hou nog tot dan. (lag)]

**V:** En die ander basisse? Het hulle boodskappe gegee?

**A:** Ja ons het, jy weet op Antarktika Halley Bay jy weet ek dink daar was nog 'n basis, Mawson. Australianers het ons spesiale... [Mev Langenegger: Hulle het 'n paar jaar nadat hulle teruggekom het ook nog midwinter bymekaar gekom.] Ja nee hulle doen dit nou nog ek sien, nou nog. [Mev Langenegger: Ja en daar is 'n Antarktika klub, né?].

**V:** Ja wat dit doen.

**A:** Jy weet jy verloor kontak. Ses, sewe jaar daarna toe het dit begin verflou, want die ouens wat jy by die midwintersfees sien is nie meer jou spanlede nie.

**V:** Ja dis ander ouens.

**A:** Heeltemal vreemde mense.

**V:** Het Antarktika iets beteken vir u loopbaan, dink u?

**A:** Ja, wel ek dink dit het my uitgesort. [Mev Langenegger: Kyk Antarktika was 'n avontuur vir hulle gewees. Marion was harde werk.]

**V:** Dit klink vir my na die kontras, dit was...

**A:** [Mev Langenegger: Ja. Nee hulle het Antarktika verskriklik... daai dertien, ek weet nou nie van die ander klompe nie, maar ek neem aan die ander het ook.] Maar jy weet daar's nie een keer wat, ag die mens ontwikkel dit dat iemand uit die kamer uit storm of weggaan nie.

**V:** O?

**A:** Daar, net daar het dinge uitgestryk en sê 'man, kom ons vergeet dit nou' ons het baie goeie kameraderie gehad.

**V:** Ja maar dis belangrik, ja. Net gou oor Marion weer, is u gevra of het u aansoek gedoen om te gaan?

**A:** Nee Verwoerd het my gevra, want hy het besef hy kan nie dit alleen doen nie. Hy het gesê, jy weet "wil jy nie saamgaan nie?" toe het ek gesê reg.

**V:** Dink u, die feit dat u 'n jaar op Antarktika was het dit 'n rol gespeel daarin dat hy gevra het?

**A:** Verseker, ja. Ja nee dit was net met ander woorde half 'n verlenging kontrak.

**V:** Kontrak gewees. En toe daarna is u uit die staatsdiens uit?

**A:** Ja, ja. Ek het, jy weet ek het jou gesê ons het September, Oktober het ons begin betrokke raak by Antarktika reëlings en goed en toe het sy nog vir my help notas afskryf want nou's ek finale jaar ek kan nie Universiteit toe kom nie en toe het ek drie hereksamens gekry en ek, in ingenieurswese moet jy al drie dieselfde eksamen skryf en toe sit ek op Antarktika. Toe ek terugkom, toe het ek terug gegaan universiteit toe: Augustus, September, Oktober en toe my graad klaargemaak. Toe het Wilhelm na my toe gekom en gesê ons gaan. So ek was weer weg gewees, ek kon nie bekostig om 'n hereksamen te kry nie.

**V:** So maar baie hard geswot.

**A:** Ja, ek het gewerk toe.

**A:** Kyk jy sien haar broer het op Derdepoort gewerk en Martin du Preez het ook by Derdepoort gewerk.

**V:** OK.

**A:** Maar toe was hy terug en kyk hy het al die korrespondensie en radioverbindings gereël. Toe het hy natuurlik vir Christo taamlik opge"chance" daaroor. [Jy sien dit was natuurlik nog 'n aansporing, want toe ek teruggekom het, het ek 'n klomp studie skuld nog gehad en vir als betaal. [Mev Langenegger: met sy klomp sigarette (lag)]

**V:** Wat het toe van die sigarette geword?

**A:** By die Kaapse hawe het hulle dit gekonfiskeer want hulle wou hê ek moet doeane daarop betaal.

**V:** (lag) Die sigarette wat julle verniet gekry het.

**A:** Toe sê ek 'nee vat vir julle'.

**V:** Have a nice day now. OK, baie dankie.